

# *Die*
# EINDTYDPROFESIE
# *Van*
# JESUS

## Die Profetiese Rede Opnuut Beskou

GERRIE & MARTIE MALAN



Tweede Uitgawe

# DIE EINDTYDPROFESIE VAN JESUS

***(Die Profetiese Rede Opnuut Beskou)***

Gerrie & Martie Malan

# DIE EINDTYDPROFESIE VAN JESUS

## (Die Profetiese Rede Opnuut Beskou)

**Gerrie & Martie Malan**

Spesiale Uitgebreide PDF Uitgawe

Kopiereg 2014 G.J. (Gerrie) & M.J. (Martie) Malan.

### KOPIEREGKENNISGEWING

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie boek mag in enige formaat of deur middel van elektroniese of meganiese vermoëns sonder die skriftelike toestemming van die outeurs gereproduseer of versprei word nie, en dit sluit fotokopiëring, klankopnames, of enige inligtingsbergingsmetode en herwinningstelsel in. As u graag die boek met ŉ ander persoon wil deel, koop asseblief ŉ addisionele kopie vir elke ontvanger. Baie dankie dat u die harde werk van hierdie outeurs respekteer.

Omslagontwerp deur Die Hoseakonneksie. Skildery van die vernietiging van die tempel in Jerusalem deur Francesco Hayez, 1867. Gallerie dell'Accademia, Venesië, Italië. ‘Dag van die Here’ foto deur G.J. Malan, © 2011

ISBN nommer: 978-0-9922371-8-9

Ander (e-boek) ISBN Nommers:
PDF 978-0-9922371-7-2
EPUB 978-0-9922371-9-6
MOBI 978-0-9922370-0-4

Verskeie Bybelweergawes is in die skryf van hierdie boek gebruik. Die kopieregeienaars en hul kopiereg word in die Bronnelysafdeling erken.

# ERKENNINGS

Hierdie is die derde van verskeie boeke in ŉ spanpoging tussen Gerrie en Martie Malan. Soos voorheen was Gerrie die fisiese skrywer in die proses, maar die Bybelkennis en -begrip vloei uit intensiewe Bybelstudie, gesprekvoering en bydraes van albei voort. Ons het ook groot waardering vir die bydraes van ou vriende Dirk Wissing en Coen de Milander, vir hul voortdurende opbouende terugvoering oor die inhoud van hierdie boek en ander werk, en selfs tegniese versorging. Vriend Obie Oberholzer het saam met sy eggenote, Rina, ook veel meer gedoen as om net die boek te lees en hul terugvoering het eweneens tot belangrike verbeterings met die Tweede Uitgawe waarop hierdie spesiale uitgawe gebaseer is bygedra.

Ons bied die boek soos die ander aan ter ere van ons Hemelse Vader wat die Seun van Sy Liefde gegee het as die Lig vir die Wêreld, asook Sy Woord as die lamp vir ons voet en lig op ons pad. Ons is dankbaar dat Hy in Sy groot genade na die mens se hart kyk (Jesaja 29:13).

# INHOUDSOPGAWE

*Voorwoord* *1*

*Die teologie van belangeloosheid* *3*

*Laaste gedagtes* *4*

**Die Agtergrond** **7**

*Inleidende opmerkings* *7*

*Ons vertrekpunte* *8*

*Op pad na Jerusalem* *10*

*Die godsdiensstelsel* *11*

*Die ou, aardse Jerusalem* *16*

*Slotopmerkings* *17*

**DIE OPBOU** **19**

*Inleidende opmerkings* *19*

*Die vernietiging van die tempel voorspel* *21*

*Die dissipels se vrae aan Jesus* *23*

*Vervolging, verraad en vals profete voorspel* *27*

*Verkondiging van die evangelie aan die wêreld* *29*

**DIE KLIMAKS** **33**

*Die gruwel van verwoesting en ontvlugting van Christengelowiges* *33*

*Groot verdrukking* *36*

*Teenwoordigheid van die Seun van die mens* *41*

*Baie spesifieke geslag uitgesonder* *45*

*Nuwe hemel en aarde* *48*

*Onverwagte aankoms* *50*
*Agtergelaat* *51*

**SLOTBESKOUING** **53**
*Die Nuwe Jerusalem* *53*
*Slotopmerkings* *58*

**Bronnelys** **63**

**Aanbevole Bronne** **69**

**Die Skrywers** **71**

**Ander Boeke deur die Skrywers** **73**

# VOORWOORD

Die outeurs het grootgeword in ’n spesifieke milieu van Bybeluitleg – een waarin ’n baie bepaalde toekomsbeeld van die Openbaring en ander profesieë soos die Mattheus 24 profetiese rede van Jesus aanvaar is. Gevolglik verstaan ons dat die gemiddelde mens geneig is om die Bybel van meet af aan teen al jou gevestigde persepsies te lees. As jy dus geleer is en aanvaar het dat baie van die belangrike Bybelprofesieë nog op vervulling wag, sal dit die vaste begripsbasis vorm waarteen jy die Bybel sal lees. Het jy geleer dat daar ’n wegraping van die gelowiges gaan wees, maak dit weer ’n element van jou Bybelleesbenadering uit. Dit is eenvoudig ’n basiese eienskap van die mens.

> **Die Skrifte is die rigsnoer, die meetinstrument, en nie allerhande standpunte van mense nie.**

Ons eenvoudige pleidooi ten opsigte van hierdie boek is dat lesers die inhoud sal ontvang en die akkuraatheid van ons uitleg sorgvuldig aan die betrokke Skrifte sal weeg. Die Skrifte is die rigsnoer, die meetinstrument, en nie allerhande standpunte van mense nie (dus ook nie ons s’n nie). As u gevolgtrekking is dat die uiteensettings wel ooreenstem met die Bybel, sal u terugvoering op prys gestel word. Dit kan maklik deur die volgende kontakblad wat op ons webwerf voorsien is gedoen word: www.hoseaconnection.org/wcontact.php). Diegene wat van die uiteensettings verskil is egter net so welkom om te skryf en u sienings en die Skrifbasis daarvoor met ons te deel. Ons, die outeurs, is op soek na die suiwer waarheid van die Skrifte. Dit gaan nie vir ons daaroor om ons verstaan van hierdie belangrike Skrifdeel op voorskriftelike wyse oor te dra nie. Veel eerder wil ons probeer om ’n bydrae te maak op ’n wyse waardeur ons die Bybel se inhoud saam met die leser kan deursoek en, waar dit nodig is, enige onsuiwer leringe van die suiwere te onderskei. Die Skrif leer ons immers in Jesus van Nasaret se woorde die belangrike

beginsel: "*En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak*" (Joh. 8:32).

Milton Terry se Biblical Hermeneutics, is 'n boek uit die laat 19de eeu en word vandag nog wyd geag as 'n hoogtemerk van werke op die gebied. Daarin beklemtoon hy dat dit noodsaaklik is om altyd gesonde Skrifuitlegbeginsels toe te pas. Hy moedig mense aan om hulself in die plek van die oorspronklike skrywers te plaas, asook om 'n studie te maak van die indruk wat hul woorde op die begrip van daardie eerste lesers sou gemaak het (1883:495-496). Voorts rig hy die vermaning dat dit misbruik van taal is om voor te gee dat woorde soos 'onmiddellik' of 'naby' enigsins iets soos 'eeue later' of 'baie later' kan beteken (p.595). Ongelukkig tref mens dikwels juis 'n ignorering van hierdie basiese beginsels in boeke oor die Bybel aan.

Gerespekteerde teoloë het die afgelope vyf eeue gereeld in hul boeke gemaan teen minder goeie uitlegmetodes. Alexander Brown (1894) is een so 'n persoon wat in sy boek, *The Great Day Of The Lord*, daarop gewys het dat sommige uitlegmetodes van sy tyd reeds teleurstellende resultate opgelewer het – soos datums wat haarfyn voorspel is, vervalste profesieë, hoop wat vernietig is, en nuwe uitlegmetodes wat uitgedink is om maar ook op hul beurt weer verdraai te word. Uiteindelik het dit daarop neergekom dat allerlei onverdedigbare vryhede met Skrifuitleg voorgekom het (p.389). Dit is tog so jammer dat baie hedendaagse studente van die eskatologie (eindtye) óf onkundig is oor die waardevolle geskrifte van verskeie sulke vroeëre teoloë, óf dat hulle gewillig en doelbewus kies om dit te ignoreer.

'n Kerneienskap van die populêre moderne eindtydfilosofie is die geloof dat 'n profesie meermale in vervulling kan gaan. Dit is 'n toepassing waarteen verskeie geleerdes soos Milton Terry (1883:495-496) hulle dikwels in die afgelope eeue uitgespreek het. Hierdie dubbele profesie of dubbele vervullingslerings erken dat verskeie profesieë wel eenkeer in Bybelse tye vervul is, maar leer dan dat daar nog 'n vervulling in die toekoms sal wees. Ten spyte van die afwesigheid van so 'n beginsel in die Skrifte, kom hierdie benadering in die werk van baie huidige Bybelleraars en televangeliste voor. God se primêre profeet, Jesus van Nasaret, het nooit in sy leringe of profetiese uitsprake so 'n beginsel beskryf of geïmpliseer nie.

## DIE TEOLOGIE VAN BELANGELOOSHEID

Gewaardeerde familie, vriende en kennisse se reaksie het die afgelope paar jaar gewys dat gelowiges oor die algemeen op een van drie maniere op ons verstaan van die Skrif sal reageer. Die meerderheid is geneig om te swyg en enige vorm van bespreking sover as moontlik te vermy. Hier en daar reageer iemand op verantwoordelike wyse, ongeag of hulle met ons saamstem of van ons verskil. Die derde groep se reaksie bestaan daarin om vir ons ʼn bekende outeur se geskrifte te stuur. Ons sê dit nie op afbrekende wyse nie en dit is ook nie op enige spesifieke persone gemik nie. Dit beaam bloot die ondervinding van ander outeurs ook. ʼn Vriendin het byvoorbeeld na een van ons gesprekke oor ʼn bepaalde eindtydonderwerp baie duidelik gesê ons verwag van haar om veertig jaar se lering opsy te skuif.

Die hartseer van benaderings soos hierbo beskryf is dat die meeste Christengelowiges (daar is wel diegene wat nie so glo nie) verklaar dat hulle die Skrif beskou as deur Heilige Gees geïnspireer en dit die Woord van God of Swaard van die Gees noem. In teenstelling met hul belydenis oor die Skrif is hulle egter dikwels bevrees vir, of verwerp hulle enige Skrifgefundeerde kommentaar of beginsel wat net moontlik van hul bestaande oortuigings verskil.

Nadat al die einde van die wêreldvoorspellings deur die Amerikaner Harold Camping in 2011 soos talle voriges op niks uitgeloop het nie, is in die briewekolom van ʼn plaaslike koerant gesuggereer dat die baie jare se ondeurdagte eindtydleringe die skuld moet dra vir die gemak waarmee gelowiges vir sulke valse voorspellings val. Een ontstelde leser het daarna ʼn beroep op teoloë en kerkleiers gedoen om die ‘valse leraar’ wat so skryf te beantwoord – hy het ooglopend nie die selfvertroue of kennis gehad om self ʼn teregwysing te skryf nie. Dit was weer eens bewys van die toedrag van sake wat Lisa Robinson (2009) die teologie van belangeloosheid genoem het – die realiteit dat soveel opregte gelowiges blindelings die interpretasies van andere aanvaar sonder om getrou die voorbeeld van die mense van Berea in Handelinge 17:11 toe te pas deur self te bepaal of die Skrif reg en binne korrekte konteks oorgedra word al dan nie. Sou hulle dit doen sal sekerlik waardevolle selfvertroue in gesprekvoering oor die Skrif opgebou word.

Die uiteenlopende inhoudsverskeidenheid van die talle eindtydwebwerwe op die Internet is duidelike bewys dat daar verwarring aan die

orde van die dag is. Hierdie verwarring word juis deur middel van die Internet se effektiwiteit so maklik en wyd versprei.

Elke gelowige behoort persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar vir die korrekte verstaan van die Skrifte. ŉ Mens kan dit nie op iemand anders verskuif nie, ongeag so ŉ persoon se geleerdheid, beweerde salwing, preekvermoë, of wat mens ook al in die persoon bewonder en respekteer. Ons moet meer tyd met die Bybel deurbring as met boeke (of televisieprogramme, ens.) oor die Bybel. Sover dit hierdie boek betref, word dit gegee as die wat en waarom van die outeurs se verstaan ten einde Bybelstudie te fasiliteer, maar **nooit as plaasvervanger vir die Bybel nie**. Lesers moet **enige outeur se begrip aan die Bybel toets en nooit die Bybel aan die outeur se begrip nie**. Die hart van ons begeerte moet wees om by mense ŉ groeiende liefde vir die Woord van die Waarheid te stimuleer, soos wat ons self ook voortdurend probeer groei.

> Ons moet meer tyd met die Bybel deurbring as met boeke oor die Bybel.

Om diegene te help wat graag hierdie verantwoordelikheid wil opneem of uitbou, het ons ŉ boekie onder die naam *Sny Die Woord Reguit* geskryf. Daarin word die basiese beginsels bespreek wat lesers as hulpmiddel kan gebruik in u eie Bybelstudie. Dit is tans gratis beskikbaar en u kan dit in verskillende E-boekformate deur ons webwerf aflaai (www.hoseaconnection.org).

## LAASTE GEDAGTES

Mattheus 24 vorm deurlopend die basis van ons bespreking en word, waar nodig, aangevul uit Markus 13 en Lukas 21, sowel as uit ander Skrifgedeeltes wat nodig is om toepaslike perspektief te stel.

U mag in hierdie boek effens vreemde spellings van woorde aantref, bv. disiepel in plaas van dissipel – dit is nie foute nie, maar is die oorspronklike spelling in die 1933 Afrikaanse Bybel waaruit die betrokke Skrifaanhalings geneem is.

Ons bedoeling is primêr om met hierdie boek ŉ relatief kort bespreking van Jesus se eindtydprofesie, wat vir ons in Mattheus 24, Markus 13 en Lukas 21 opgeteken is, vir die nie-akademiese leser te gee. Terselfdertyd wil ons egter ook die akademiese leser vra om belangrike basiese beginsels waarvan hulle dalk mag verskil sorgvuldig te oorweeg. Hierdie oogmerk en fokus maak ŉ mate van vers vir vers kommentaar onafwendbaar en dit rig ook die struktuur. Nogtans gee ons nie ŉ dik boek

soos wat dikwels die geval is wanneer mense oor die eindtyd skryf nie. Ons verstaan dat die gemiddelde leser nie die tyd of smaak het vir akademiese boeke van 500 bladsye nie. Vir diegene wat wel ’n dieper studie wil maak om ons verstaan/uitleg te weeg, gee ons aan die einde van hierdie boek ’n lys van waardevolle bronne.

Mag die Skepper u seën in u eie soeke na die waarheid in en van Sy Woord.

Gerrie & Martie Malan
Woodgrange-On-Sea
Hibberdene
Suid-Afrika
September 2014

# DIE AGTERGROND

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Ons besef almal dat die groot verwarring oor Mattheus 24, en die parallelle in Markus 13 en Lukas 21 die gevolg is van uiteenlopende verklarings deur skrywers oor eeue heen. Dit was egter Jesus aan die woord in Sy profesie oor die eindtyd. Die verwarring wat met verloop van tyd ontwikkel en gegroei het, sou Hom onteenseglik diep bedroef het oor die mense van ons tyd, soos Hy ook net voor Sy intog in Jerusalem bedroef was oor daardie stad en Sy eie volk. Elke woord uit Sy mond gedurende die tyd toe Hy tussen Sy mense geleef en hulle geleer het, was tog afgemeet om in te pas by die hele roeping wat Hy moes vervul voordat Hy weer in die hemel opgeneem sou word.

Sedert kerkhervorming in die Middeleeue het die lig van die Woord uit Europa vinniger deur die mensdom versprei. Ten spyte van Skriflig wat helder geskyn het oor Jesus se profetiese rede, of eerder, Sy profesie oor die eindtyd, het verwarring ook kop uitgesteek. Dit is natuurlik nie vreemd nie, want daar was mos reeds tydens Jesus se lewe op aarde reeds ingrypende geskille oor Hom.

Voor en gedurende Sy kruisiging is Jesus se woorde en Sy bedoeling daarmee deur Sy vervolgers aangegryp om 'n rede te bedink om Hom uit die weg te ruim. Ten spyte van die feit dat die rede wat hulle aangevoer het nie die Romeinse Goewerneur kon oorreed om die doodstraf op te lê nie, het hulle die skuld op hulle geneem en hul sin gekry – alles volgens uitsprake (Godspraak) deur die profete:

> En toe Pilatus sien dat niks help nie, maar dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water geneem en sy hande voor die skare gewas en gesê: Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man;(…) En die hele volk antwoord en sê: Laat sy bloed op ons en ons kinders kom (Matt. 27:24-25).

Jesus se vervolgers het Hom as gevolg van Sy woord deur die onderdrukkers van Israel laat kruisig. Die ander groep wat Hom gevolg het, het dit ook as gevolg van Sy woord gedoen, want hulle het geglo dat Hy werklik die beloofde Messias, die Seun van God was. Gaandeweg het talle boeke oor Hom verskyn, waarvan die vier evangelies wat ons ken onder die eerstes tel.

Dit is ’n kenmerk van alle literatuurvorme dat ’n groep skrywers by tye neig om te verval in ’n bepaalde mode. Skrywers van boeke oor die betekenis van Jesus se profetiese rede het hoofsaaklik twee denkskole gevorm. Op die oog af het hulle darem oor Jesus as die Verlosser saamgestem. Oor die betekenis van Sy woorde leer die een groep dat Jesus gekom het om die Wet en die Profete te vervul, met ander woorde, dit wat nog moes waar word, het inderdaad waar geword tydens Sy bediening op aarde. (Die betekenis van ‘vervul’ in hierdie konteks, word verderaan onder die derde outeursvertrekpunt bespreek).

Die tweede groep leer weer dat minstens ’n deel van Jesus se eindtydprofesie, asook baie ander opgetekende profesieë eers in die verre toekoms na Jesus se opname in die hemel sou gebeur. Algaande het die kloof tussen die twee groepe verdiep en plek gemaak vir ’n derde groepering wat soos ’n brug tussen die twee, van albei kante ‘geleen’ het om nuwe vertolkings te skryf oor wat in die Woord opgeteken is. Hierdie derde groep is ook nie duidelik identifiseerbaar nie, want hulle verskil onderling ook baie en met die aanstap van tyd, al hoe meer.

Sedert veral die mid-1800’s het die groepe se paaie vêr uiteen geloop oor wat Jesus sou bedoel het met Sy eindtydprofesie. Die skrywers van hierdie boek se wens is dat daar weer ’n begeerte onder Jesus se volgelinge van vandag gestimuleer kan word om ook die Woord van hierdie eindtydprofesie reg te verklaar: “*Lê jou daarop toe om jou beproef aan God voor te stel as ’n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny*” (2 Tim. 2:15).

Enige bydrae tot die onderwerp van die betekenis van Jesus se opgetekende woorde moet natuurlik getoets kan word aan die vertrekpunte van ’n boek se outeurs. Om die leser dus nie in enige onsekerheid te laat in hierdie verband nie, skets ons vervolgens ons onderskeie vertrekpunte.

## ONS VERTREKPUNTE

**Eerstens** moet ’n mens in gedagte hou dat die eerste eeu se mense en al die geslagte voor hulle, die Skrifte as volledige eenhede gelees het

sonder onderbrekings tussenin. Die Skrifte was nooit verdeel in hoofstukke en verse nie. ’n Mens moet dus die profetiese rede van Jesus in Mattheus 24 as ’n eenheid met die hele boek van Mattheus bestudeer. Net so moet Markus 13 binne die konteks van die volledige boek van Markus verstaan word en Lukas 21 insgelyks binne die geheelboek. Mens sal dan duideliker sien hoe Jesus deur Sy gelykenisse ’n goue draad van waarskuwings aan die godsdienstige leiers in Jerusalem gerig het. In hierdie boek word aanvanklik begin met ons Here se derde voorspelling van Sy dood, alhoewel ons weliswaar nog verder sou kon teruggaan.

Dit is nodig om te weet dat die verdeling van die Bybel in hoofstukke maar ’n 13de eeuse toevoeging is en versnommers ’n 16de eeuse ontwikkeling. Dit het opsigself nuwe uitlegbenaderings meegebring en vandag lees mense dikwels hoofstukke asof dit volledige eenhede is en selfs verse alleen, sonder om die verband met die geheel te sien of verstaan.

**Tweedens**, behoort die triomfantlike intog in Jerusalem (Matt. 20;17, Mark 10:32 & Luk. 18:31), as integrale deel van die profetiese rede gesien te word. Ons sal hierdie studie dan ook minstens verby Mattheus 24 moet laat gaan tot Mattheus 26:67 (Mark. 14:65 & Luk. 22:71).

**Derdens** moet ’n mens klarigheid hê oor wat presies Jesus bedoel het met Sy stelling dat hy gekom het om die Wet en die Profete te vervul (of voltooi). Die beeld wat hier ter sprake is, is een van ’n holte wat opgevul word. Jesus sou dus die Wet en Profete voltooi deur die messiaanse era te verwesenlik. ’n Mens moet uit die Skrifeenheid vasstel of die vervulling van die Wet en Profete geskei moet of kan of mag word van al die profesieë van wat in die laaste dae, of in die volheid van die tye (kairoi) op Jerusalem en die twee huise van Israel (die verdeelde koninkryke van Israel en Juda) sou neerkom. Dit is noodsaaklik om hierdie geheel raak te sien.

**Vierdens** moet die basiese beginsels van Skrifuitleg toegepas word. Dit word verduidelik in die gratis boek, *Sny Die Woord Reguit,* waarna vroeër verwys is. Dat die Skrif die belangrikste interpreteerder van die Skrif is, staan ongetwyfeld uit tussen hierdie beginsels.

**Laastens** is dit van wesenlike belang om te kyk na die Bybelse konsep van Jerusalem as die Heilige Stad, teenoor die Jerusalem wat Jesus aangetref het. Dit lei op sy beurt onafwendbaar na die konsep van die Nuwe Jerusalem.

Daar is gevalle waar die betekenis van kernwoorde uit die Griekse bronne bespreek word in die spesifieke konteks waarin hulle verskyn.

Aan die anderkant word ook verwys na **bepaalde Joodse konsepte** en genoem dat **Mattheus se Evangelie aan of vir Hebreeuse lesers geskryf is**. Die vraag mag dus by die leser ontstaan, waarom hierdie Evangelie dan in Grieks geskryf is? Ons antwoord kom uit die intertestamentêre tydperk waartydens Grieks die eenvormige gebruikstaal in Alexander die Grote se Griekse Ryk en daarna geword het. Sommige Nuwe Testamentiese geskrifte mag dalk oorspronklik in Hebreeus geskryf gewees het, maar ons Bybelvertalers was aangewese op die gepreserveerde bronne wat in Grieks geskryf of daarin vertaal was. Gevolglik is woordstudies en betekenisverklarings op Griekse woorde gebaseer, terwyl die Hebreeuse verstaan van konsepte deurentyd so goed moontlik daarteen geweeg word. Dit is altyd raadsaam om verskeie Bybelweergawes te gebruik word as voorsorg teen moontlike subjektiewe interpretasies in sommige Bybelvertalings.

## OP PAD NA JERUSALEM

Ons sien in Mattheus 20:17 (Markus 10:32 & Lukas 18:31) dat Jesus die twaalf opsy neem en sê dat hulle opgaan na Jerusalem toe waar Hy, die Seun van die mens aan die Joodse leiers oorhandig sal word. Dan sal hulle Hom veroordeel, en aan die heidene oorhandig om bespot, gegesel en gekruisig te word. Hierdie was die derde keer dat Hy Sy dood voorspel het.

Dit was tydens hierdie deel van hul reis dat Jesus en sy dissipels deur Jerigo gegaan het waar hy die tollenaar Saggeus aan huis besoek het. Te midde van beskuldigings omdat Hy hierdie sondige man besoek het, beklemtoon Jesus dat die Seun van die mens gekom het om die wat verlore was te vind en te red. Ons kry dieselfde boodskap in byvoorbeeld Johannes 3:16-18.

Van hier af aan toon die Bybel dat spanning tussen Jesus van Nasaret en die godsdienstige leiers skerp aan't styg was en so die weg voorberei het vir die vervulling van Sy lotsbestemming aan die kruis. Hulle het aanstoot geneem jeens Sy triomfantlike intog in Jerusalem en die massa se bewondering van die man wat hulle die profeet Jesus van Nasaret genoem het. Hy het teen die geldwisselaars opgetree en diegene wat duiwe in die tempelkompleks verkoop het, met die beskuldiging dat hulle van die tempel, God se huis van gebed, 'n rowerspelonk gemaak het. In die dae wat daarop volg is sien ons gereelde konflik tussen Jesus en die verskillende godsdienstige groepe, wat uitloop in Sy streng teregwysing van

hulle huigelaarskap (Matt. 23). Aan die kruis roep Hy uiteindelik uit, "*Dit is volbring* (voltooi, opgevul, verwesenlik, afgehandel)" (Johannes 19:30). Sy uitroep is direk en kan geen twyfel laat nie.

## DIE GODSDIENSSTELSEL

### Die Godsdienstige Leiers

Dit is belangrik om te verstaan dat hul godsdiens die kern van die Joodse samelewing was. Die priesters by die tempel het nie net beheer oor die Jode se godsdienslewe uitgevoer nie, maar hulle was ook regeerders en regters in siviele aangeleenthede. Teen die eerste eeu was die verkiesing van die hoëpriester voorts ŉ politieke, eerder as ŉ godsdienstige gebeurtenis. Koning Herodes was ŉ pion van die Romeine en hy het seker gemaak dat die priesterlike leiers hom sou ondersteun om Rome se begeertes uit te voer. Hulle het in vele opsigte afgedwaal van die doeleindes waarvoor God ŉ priesterdom opgerig het. Josephus skryf byvoorbeeld dat die priesters selfs ŉ daaglikse brandoffer vir die Romeinse keiser in die tempel gemagtig het (McClaflin, 1992:82-97; Reed, 2012).

Ten tye van Jesus se aardse lewe is die godsdiensstelsel deur verskeie groepe gerig: Die Fariseërs, Sadduseërs, Skrifgeleerdes, die Selote en die Esseners (alhoewel laasgenoemde, wat in afsondering van die gemeenskap geleef het, nie deel van die Evangelierekord uitmaak nie). Hierdie groepe se gesamentlike invloed op die Joodse gemeenskap was buite verhouding tot hul werklike getalle. In die vroeëre tydperk van die Joodse geskiedenis was die priesters die invloedrykste groep. Teen Christus se tyd onder hulle, het die **Fariseërs** groter invloed onder die gewone mense geniet. Hulle was hoofsaaklik ŉ groep leke wat tydens die intertestamentêre tydperk ontstaan en gegroei het. Hul aanvanklike doel was om die insypeling van Hellenisme (of Griekse invloed) te bekamp. Ongelukkig het hulle so vasgevang geraak in oordadige besonderhede van die rituele wet en mondelinge oorlewerings (tradisie), dat hulle vergeet het wat God se oorspronklike bedoeling met die wet was. Gevolglik het hulle ook voeling met die gewone mense verloor.

Die **priesterdom** het ŉ luukse lewe gelei, wat hulle met ŉ Tempelbelasting onderhou het, en wat van elke Jood vereis is. Die priesterlike **Sadduseërs** het as groep ook uit die intertestamentêre tydperk voortgespruit. Omdat rykdom en status vir hulle die belangrikste oorweging ge-

word het, het hulle ook voeling met die gewone mense verloor. Hierdie groep het net die geskrewe boeke van die wet aanvaar, en die boeke van die profete sowel as die skrifte verwerp. Lidmaatskap is oënskynlik deur oorerwing verkry. Hulle het die Hellenistiese kultuur en Romeinse invloed verwelkom aangesien dit hul bevoorregte lewensstyl gewaarborg het. Uiteindelik was hulle die Christus se grootste vyande. McClaflin (1992:90) dui aan dat die Sadduseërs met die 70 n.C. vernietiging van Jerusalem tot niet gegaan het terwyl die Fariseërs oorleef het om in latere eeue die grondslag van Judaïsme te word.

Die **Selote** was nog ŉ groep wat gedurende die intertestamentêre tydperk ontstaan het. Hulle was ŉ fanatieke groep met die hoofoogmerk om die Romeinse regering omver te werp. Hul herhaaldelike gewelddadige opstande het uiteindelik volskaalse rebellie geword en dit was die vernaamste oorsaak van die Romeins-Joodse oorlog tussen 66-70 n.C., wat tot die vernietiging van Jerusalem gelei het.

**Skrifgeleerdes** in die Ou Testamentêre tye het hoofsaaklik as sekretarisse of klerke opgetree (bv. Esra). Teen Jesus se tyd was hulle meer bekend as regsgeleerdes of leraars, met drie hooftake: kopieerders, bewaarders en interpreteerders van die Wet. Volgens McClaflin (1992:93, 94) was hulle ŉ professionele groep wat hulle gewoonlik by die Fariseërs geskaar het. As die leidende gesaghebbende in die Joodse godsdiensstelsel was die Skrifgeleerde verseker van ŉ prominente plek.

## Die Instellings

Vier instellings troon uit in hul dominering van die Joodse gemeenskapslewe waarin Jesus van Nasaret gebore is, naamlik die Sanhedrin, die Sinagoge, Koning Herodes en die tempel.

### *Die Sanhedrin*

Kom ons kyk eerstens na wat die Sanhedrin was en uit wie dit saamgestel is. Die term word nie in die teks van die Afrikaanse (of die ouer Engelse) vertalings gebruik nie. In die 1983-vertaling word ‘Joodse Raad’ gebruik, terwyl die 1933 en 1956-vertalings bloot noem dat die owerpriesters en ouderlinge saam raad gehou het. Lesers mag wel die woord ‘Sanhedrin’ in Bybelopskrifte aantref soos by Lukas 22:63, maar moet in ag neem dat dit invoegsels is en nie deel van die oorspronklike teks nie. Die term word wel in nuwer Engelse Bybelvertalings soos *The Holman Christian Standard Bible* aangetref. Ouer Engelse weergawes

het die woorde ‘council’ of ‘court’ gebruik. Boeke wat oor of ten opsigte van die Evangelies geskryf is, het die term meer dikwels gebruik (McClaflin, 1992:94).

Dis onseker wanneer die Sanhedrin die eerste maal beslag gekry het. Sommiges glo die konsep kom uit Moses se tyd en gebruik Numeri 11:16-24 as Skrifgesag daarvoor. Terwyl die volk in die wildernis was, het God Moses gelei om 70 ouderlinge uit die mense te kies om hom met die dag-tot-dag regering van die mense te help. Mens tref die oudste rekord van ŉ instelling met die naam Sanhedrin in Josephus se werke aan in ŉ verwysing na die byeenroep van ŉ politieke Sanhedrin deur die Romeine in 57 v.C. Griekse bronne beskryf die Sanhedrin oor die algemeen as ŉ politieke en geregtelike raad wat onder voorsitterskap van ŉ land se heerser gestaan het (Schoenberg, 2013).

Oënskynlik was hierdie liggaam op twee vlakke aangetref. Die eerste vlak is deur kleiner rade van 23 of minder lede (so min as sewe) verteenwoordig, afhangende van die dorp of stad se grootte. Hulle was aan die sinagoges oor die land heen gekoppel en het wye magte in beide siviele en godsdienstige sake uitgeoefen. Hou in gedagte dat daar vir die Jood weinige verskil tussen hierdie twee lewensareas bestaan het.

Die Groot Sanhedrin in Jerusalem was die oppergesaghebbende liggaam in die land gedurende die tempelperiode, en hul aktiwiteite het dan ook rondom die tempel gesentreer. Dit is deur ŉ president gelei met 70 ander lede waarvan een as ondervoorsitter opgetree het. Lede was van invloedryke families uit die Sadduseërs, Fariseërs en Skrifgeleerdes afkomstig. Daar was ook ŉ verteenwoordiging van ouderlinge wat gewoonlik afkomstig was uit welgestelde en vooraanstaande families van die Sadduseërs. Die Sanhedrin het godsdiens- en rituele tempelaangeleenthede hanteer, asook kriminele aangeleenthede, sake in verband met die ontdekking van ŉ lyk, verhore van owerspelige getroude vrouens, tiendes, voorbereiding van Torahrolle vir die koning en die tempel, opstel van die kalender en ingewikkeldhede ten opsigte van die rituele wet. ŉ Mens kan insien dat die Groot Sanhedrin die Jode se magtigste instelling was. Dit was gevolglik hierdie liggaam voor wie Jesus van Nasaret gebring is en wat Hom ter dood veroordeel het (McClaflin, 1992:95-96; Schoenberg, 2013). Die Sanhedrin is in 70 n.C. met die vernietiging van Jerusalem deur die Romeinse heersers afgeskaf.

> **Die Sadduseërs het met die 70 n.C. vernietiging van Jerusalem tot niet gegaan, terwyl die Sanhedrin toe deur die Romeine afgeskaf is.**

## Die Sinagoges

Vervolgens kyk ons kortliks na die instelling van die sinagoge, waarmee ons kennis maak in die Evangelies. Die ontstaan is onseker. In sommige Joodse kringe word ŉ antieke oorsprong daarvoor aangevoer, naamlik dat dit uit die tyd van Moses dateer. Nogtans word erken dat die sinagoge as ŉ permanente en sentrale instelling waarskynlik sy oorsprong in die tydperk van die Babiloniese ballingskap het. As die plek van openbare aanbidding, het die sinagoge die middelpunt van elke gemeenskap geword, net soos die tempel in Jerusalem die middelpunt vir die hele Jodedom was. Na die terugkeer uit die ballingskap en herorganisering van die godsdienslewe onder veral Esra en sy opvolgers, het gemeentelike aanbidding deur gebed en die voorlees van Skrifgedeeltes parallel met die tempelkultus in Jerusalem ontwikkel. Dit het tot die bou van sinagoges gelei (Jewish Encyclopedia, 1996). Teen die tyd van Jesus van Nasaret se aardse bediening het die sinagoge die belangrikste instelling geword waardeur die Joodse godsdiensstelsel in stand gehou is, of dalk meer korrek, die Mosaïese bedelingstelsel. Die daaglikse godsdiensaktiwiteite het nie net na die sinagoge verskuif nie, maar die rabbi's of leraars wat daarin diens gedoen het, was sigbaarder vir die mense as die priesters in die tempel.

McClaflin (1992:84) verduidelik dat die sinagoge as plaasvervanger vir die tempel gedien en die kern van die Joodse godsdienstige, siviele en opvoedkundige aktiwiteite geword het. Jesus het oral waar Hy in Palestina rondbeweeg het sinagoges aangetref en hulle gebruik om Sy boodskap te kommunikeer. Daarin sien mens hoe ŉ sentrale instelling dit in die gemeenskapslewe was.

### *Koning Herodes*

McClaflin (1992:68-70) beklemtoon dat die Jode in mindere of meerdere mate altyd toegelaat is om hul eie sake te beheer ongeag dat hulle na die Babiloniese ballingskap in verskeie stadia deur verskillende ryke regeer was. Antipater, ŉ Edomiet en Herodes die Grote se vader, het die politieke verwarring in Joodse kringe van sy tyd uitgebuit om homself in ŉ invloedryke posisie in te wurm en so uiteindelik in 46 v.C. beheer oor die Joodse nasie verkry. Hy is kort daarna aan vergiftiging dood. Sy seun, Herodes (die Grote) het die Romeine oortuig om hom as heerser oor Palestina aan te stel en hy het van 37-4 v.C. geheers. Ons onthou hom as die koning wat die babas in Bethlehem laat doodmaak het in ŉ

poging om Jesus dood te maak. (Moontlik kom hierdie gebeure en Herodes se dood in 4 v.C. vir sommige lesers verwarrend voor, maar die oënskynlike teenstrydige datums is aan ŉ bekende fout in ons kalender te wyte).

Na sy afsterf het die Romeine drie van sy seuns as heersers oor drie dele van die land waaroor hul vader geheers het aangestel. Herodes Antipas het gesag oor Galilea en Perea gekry; Herodes Archelaus oor Judea, Samaria en Edom; terwyl Herodes Philippus die gebied noord van die See van Galilea en oos van die Jordaanrivier gekry het. Archelaus, was ŉ wrede koning en is in 6 n.C. deur die Romeine verwyder. Hulle het hom met ŉ goewerneur vervang, wat in Jesus se tyd die man Pontius Pilates was. Die Herodes waarvan ons die meeste in Jesus van Nasaret se leeftyd kennis neem, was Antipas. Dit was na hom toe wat Pontius Pilates Jesus gestuur het in sy poging om verantwoordelikheid te ontduik vir die besluit wat die godsdienstige leiers met hul beskuldigings voorgestaan het. Omdat die Edomiete as paganiste (of heidene) beskou is, het die ortodokse Jode nooit van die Herodesse gehou of hulle aanvaar nie.

***Die Tempel***

Moses en die mense het gedurende hulle swerftog in Sinaiwoestyn onder God se aanwysings en ontwerp ŉ verskuifbare heiligdom gebou (Ex. 35-40). Nadat hulle in die Beloofde Land gevestig het, het plaaslike heiligdomme en altare in die heuwels opgeskiet. In 957 v.C. het Koning Salomo die eerste tempel gebou om die verskuifbare heiligdom, die Tabernakel, asook die plaaslike heiligdomme en altare in die heuwels te vervang. Hierdie tempel is op verskeie tye deur die invalsmagte van die Egiptenare en Assiriërs beskadig en is uiteindelik in die jaar 586 v.C. deur die Babiloniërs vernietig. Voor hierdie gebeurtenis het die tempel ook die Verbondsark gehuisves, maar dit is nie weer sedertdien gesien nie.

Na die val van die Babiloniese Ryk het die Persiese koning, Kores die Grote, die herbou van die tempel gemagtig (algemeen as die tweede tempel bekend), waardeur die profesie in Jesaja 44:28 vervul is. Die werk het in 538 v.C. begin en is 23 jaar later voltooi. Dit was nie so indrukwekkend soos die vorige een nie, maar het steeds sy sentrale rol in die godsdienstige en siviele lewe van die Jode gespeel. In die klassieke Joodse begrip was die tempel die figuurlike 'voetstoel' van God se teenwoordigheid onder die mense en **is Jerusalem as die middelpunt van die bekende wêreld beskou**: "*So sê die Here HERE: Dit is Jerusalem.*

*Ek het dit onder die nasies gestel, en die lande is daar rondomheen*" (Eseg. 5:5).

Aangetekende geskiedenis toon dat die tempel bykans weer in 332 v.C. vernietig is toe die Jode geweier het om Alexander die Grote se deïfikasie (of vergoddeliking) te erken. Daarna het wel verskeie skendings plaasgevind, maar die tempel het oorleef.

Nadat Herodes die Grote in 37 v.C. deur die Romeine as heerser gevestig is, het hy gekla dat die tempel soos ŉ fort gebou en boonop sowat 27,43 m (90 voet) korter as Salomo se tempel was weens ŉ dekreet deur Darius, ŉ latere Persiese koning. Koning Herodes wou sonder twyfel onthou word as bouer van die grootste tempel van die Jode, moontlik in die geloof dat dit vir hom aanvaarding onder hulle sou bevorder. Die werk het in 19 v.C. begin, wat die 18de jaar van Herodes se heerskappy was. Toe hy in die jaar 4 v.C. dood is was die hoofgedeelte van die gebou voltooi, maar werk aan die kompleks het vir nog 60 jaar aangegaan. Die tempel is in 63 n.C. voltooi, net sewe jaar voordat dit in 70 n.C. geheel en al deur die Romeinse mag vernietig is (Bible History Online, 2013).

Voordat Herodes die tempel se herbouery aangepak het, het dit maar ŉ relatief klein deel bo-op die berg Moria beslaan. Herodes het daardie area verdubbel deur ŉ deel van die heuwel aan die noord-westekant in te sluit (wat gelyk gemaak moes word en waarop die Antoniofort gebou is) en ook dele van die omliggende valleie op te vul. Die tempelberg is aan sy vier kante omring met massiewe stutmure – waarvan net die Westelike of Klaagmuur oorgebly het (Bible History Online, 2013). ŉ Mens hoef maar net na illustrasies van Jerusalem en die grootte en prag van die tempelarea te kyk om die status en invloed wat dit in die Joodse kultuur van daardie tyd gehad het te verstaan. Dit, tesame met die feit dat Herodes die Grote nie as ŉ ware Jood beskou was nie, onderstreep die goddeloosheid van die tydperk se siviele en godsdiensstelsel.

## DIE OU, AARDSE JERUSALEM

Hoewel geen Bybelse dorp of stad so bekend is as Jerusalem nie, en wat vandag nog deur talle die heilige stad genoem word, is Jerusalem nie deur die Hebreërvolk gebou of selfs die naam gegee nie. Mens vind die naam die eerste keer in Josua 10:1. Dit was ŉ Jebusietestad totdat Dawid dit oorwin het (2 Sam. 5:6). Die oorspronklike naam was waarskynlik Urusalimum of Ursalimmu. Dit het 'Fondament van Salem' beteken, wat

ŉ bekende Oegaritiese god was. Die naam is waarskynlik slegs gehebraïseer omdat dit oënskynlik in Hebreeus 'Vredesreën' ('Rain of Peace') beteken het. Met ander woorde, dit kom voor of die Hebreërs nie die stad hernoem het toe hulle die kans gehad het nie, moontlik omdat dit maklik in ŉ Hebreeuse begrip getranslitereer of oorgesit kon word (Abarim Publications).

Toe Salomo die tempel wat hy gebou toegewy het, het hy gesê dat die Here God direk met sy vader Dawid gepraat en gesê het Hy het Jerusalem uitgekies sodat Sy naam daarop sou wees (2 Kron. 6:6). In Nehemia 11:1 tref ons die eerste van vyf vermeldings van Jerusalem as die 'heilige stad' in die Ou Testament aan. Die laaste vermelding is in die sewentig sewesprofesie in Daniel 9:24. Daar is ook vyf sulke vermeldings in die Nuwe Testament – twee in Mattheus en drie in die Openbaring. In Openbaring 11:2 verwys dit na fisiese Jerusalem, terwyl Openbaring 21:2 en 22:19 weer die Nuwe (hemelse) Jerusalem aandui.

Om op te som:

- Jerusalem van ouds was die stad waarop God Sy naam gesit het (bv. 1 Kon. 8:29).
- Die stad is beskryf as die poort na God se mense toe (bv. Obad. v. 13).
- Dit het die Tempel gehuisves.
- Die Tempel was bekend as die Huis van God, as die plek van ontmoeting met God.
- Daar is van Jode verwag om met bepaalde geleenthede in Jerusalem te gaan aanbid.
- Jerusalem was deur die Jode beskou as die middelpunt van die wêreld (Eseg. 5:5).

## SLOTOPMERKINGS

ŉ Mens kan omvangryke beskrywing aanbied om die Godgegewe rol van die Hebreeuse nasie, die stad Jerusalem, die tempel, en diegene wat deur God ingestel is om daarin te dien, te illustreer. Nogtans behoort ons beknopte bespreking geen twyfel te laat van die sentraliteit wat dit alles in die Joodse samelewing gespeel het nie. Maar die rede waarom God Jakob (Israel) se nageslag uit Egipte na daardie landstreek toe geneem het (wat later deur die Romeine na Palestina hernoem is) was dat al die volke van die aarde Hom sou ken (Ex. 9:16; 1 Kon. 8:51-60):

> Want hulle is u volk en u erfdeel wat U uit Egipte uitgelei het uit die ystersmeltoond (…) Want U het hulle vir U as erfdeel afgesonder uit al die volke van die aarde, soos U deur u kneg Moses gespreek het toe U, Here HERE, ons vaders uit Egipte uitgelei het (…) sodat al die volke kan weet dat die HERE God is, niemand meer nie (1 Kon. 51, 53 & 60; outeurs se beklemtoning).

**Jerusalem van Jesus se tyd was ŉ korrupte stad met korrupte leiers.**

Liewe leser, u behoort ook nie enigsins te twyfel nie, dat die land en stad wat Jesus van Nasaret aangetref het reeds lank tevore die aanspraak as die heilige land en heilige stad of God se stad verbeur het. Jerusalem van Jesus se tyd was ŉ korrupte stad waaroor korrupte leiers geheers het, wie se optrede gerig is deur mensgemaakte godsdienstige tradisies en politieke dienstigheid. Jesus het self geen twyfel gelaat oor Sy sentimente in hierdie verband nie, byvoorbeeld:

> So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak terwille van julle oorlewering (tradisie). Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk kom na My met hulle mond en eer My met hulle lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is (Matt. 15:6-9).

Nogtans het die Messias later Sy begeerte verklaar dat: *“(...) hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ŉ hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!*” (Matt. 23:37; outeurs se beklemtoning). Hoeveel keer het God nie voor Sy tyd profete gestuur met die oproep om hulle van die bose paaie te bekeer nie?

# DIE OPBOU

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Johannes die Doper se boodskap was, "*Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom*" (Matt. 3:1). Nadat Jesus in die Jordaan-rivier gedoop is, die Heilige Gees op Hom neergedaal het, die stem uit die hemel verklaar het dat Hy die geliefde Seun was, en Sy versoeking deur die duiwel in die wildernis plaasgevind het, het Jesus dieselfde boodskap begin preek: "*Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom*" (Matt. 4:17).

Hoewel die uitdrukkings 'koninkryk van God' en 'koninkryk van die hemele' nie in die Hebreeuse geskrifte voorkom nie, word hulle wel in rabbynse literatuur aangetref. Oënskynlik het die Fariseërs hierdie uitdrukkings in ŉ latere stadium ontwikkel, moontlik weens die praktyk om eufemismes te gebruik ten einde te voorkom dat die naam van God onbedoeld ydellik gebruik word (Lindsey, 1987-2004). 'Hemel' word dikwels in die Skrifte as ŉ sinoniem vir 'God' gebruik. Hierdie twee uitdrukkings verwys na een en dieselfde konsep in hierdie konteks. Mattheus het die uitdrukking 'hemel' gebruik omdat hy aan die Jode geskryf het. Markus en Lukas het albei die 'koninkryk van God' gebruik.

Viola (1998:31) maak die gevolgtrekking dat die Bybel nooit die koninkryk definieer nie, maar dit eenvoudig beskryf. Daar is inderdaad verskeie maniere om die koninkryk van God te beskryf, afhangende van watter aspek ŉ mens graag wil uitlig. In die hedendaagse omgangstaal is ŉ koninkryk die uitdrukking van ŉ koning se gesag. Viola verklaar opsommenderwys:

- Die koninkryk van God is nie ŉ plek nie en moet nie met geografie verwar word nie;
- dit is nie hemel nie en ook nie ŉ bepaalde plek op hierdie aarde nie; en

- vir God is mense en die mensdom belangrik.
- Omdat mense in geografiese plekke leef, is plekke ook vir God belangrik.

Viola definieer dan die koninkryk van God as die sfeer van God se gesag en heerskappy. So beskou, kan die konsep van die koninkryk van God dan beter verstaan word as beskrywend van

- soewereiniteit (of gesag om te heers) eerder as grondgebied; en
- die sfeer (of realm) van uitvoering eerder as die omvang daarvan.

Vir die Hebreeuse wysgere was 'koninkryk van die hemele' ŉ geestelike uitdrukking wat beteken het dat God heers oor ŉ persoon wat die geskrewe en mondelinge gebooie gehou of begin het om dit te hou. Lindsey (1987-2004) illustreer hierdie siening met ŉ verklaring van Rabbi Yehoshua ben Korhan, dat Deuteronomium 6:4-9 ("*Hoor, Israel*") in die daaglikse gebede voor Deuteronomium 11:13-21, "*As julle dan goed luister na my gebooie (...),*" voorgedra word om aan te dui dat mens eers die koninkryk van die hemele moet aanvaar en daarna die juk van die gebooie. Mattheus 6:33 bevestig ŉ soortgelyke volgorde van optrede: "*Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word*."

Jesus het met Sy openbare bediening begin net toe Herodes vir Johannes in die tronk laat sit het. Moontlik het dit Johannes beweeg om op ŉ politieke en militêre bevryder te fokus ten spyte van sy eie destydse verklaring oor die Lam van God op die Jordaanoewer. Nadat Johannes van Jesus se leringe en wonderwerke gehoor het, stuur hy van sy dissipels om te vra of Jesus inderdaad die Messias was, en of hulle ŉ ander een moes verwag (Matt. 11:1-3). Jesus se beklemtoning van die geestelike aspekte van die koninkryk en uitsluiting van die politieke element, het skynbaar verskil van Johannes se begrip van hoe die Messias die koninkryk van God sou inlui. Johannes se dissipels is teruggestuur met die versekering van die talle messiaanse tekens wat Jesus uitgevoer het

Hoewel daar nie baie Skrifgedeeltes is waarin Jesus baie duidelik na die al reeds teenwoordige dimensie van die koninkryk van God/die hemele verwys nie, is Sy hele prediking en bediening deur hierdie dominante realiteit gekenmerk. Hierdie teenwoordige aspek van die koninkryk manifesteer op verskillende maniere in die persoon en dade van die Christus (Wood, 1996:648-649):

- Die uitdryf van demone.
- Genesing van die siekes.
- Wonderwerke soos die verandering van water in wyn, opwekking van Lasarus uit die dood en loop op water.

In hul bespreking van die uitdrukking “Die koninkryk van God het naby gekom” (Luk. 9:35), dui Bivin en Blizzard van die Jerusalem School of Synoptic Research aan dat die Griekse woord vir naby (engiken), beteken dat dit op die punt staan om te verskyn. Die Hebreeuse ekwivalent, egter, is *karav*, en beteken dat dit **reeds aangebreek of aangekom** het. Deur te kyk na die gebruik van die woord *karav* in Genesis 20:4, Deuteronomium 22:13-14, 2 Konings 16:12 en Jesaja 8:3, maak hulle die gevolgtrekking dat die Hebreeuse begrip van ‘naby’ nie ŉ toekomstige een is nie, maar die teenswoordige (1994:62-63) – **dus, reeds in Jesus se tyd teenwoordig**.

Jesus het sy dissipels uitgestuur om te preek en die mense te leer. Waar hulle die siekes gesondgemaak het moes hulle aan die mense verkondig dat die koninkryk van God naby gekom het. Dit is ŉ idioom wat dikwels fisiese intimiteit aangedui het. Hul verklaring het dus beteken dat God persoonlik beheer oor die situasie geneem het.

## DIE VERNIETIGING VAN DIE TEMPEL VOORSPEL

### Mattheus 24:1-2 (Markus 13:1-2 & Lukas 21:5-6)

> En Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy disiepels het nadergekom om Hom die geboue van die tempel te wys. En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie heeltemaal afgebreek sal word nie.

Geleerdes het in die verlede beklemtoon dat Jesus en Sy dissipels almal hier na die tempel in Jerusalem van hul tyd gekyk het. Om enige ander tempel van die toekoms te suggereer is om verby en bo dit te gaan wat geskrywe staan. Daar is geen Skrifbasis om te besluit dat enige ander en toekomstige tempel bedoel word nie (Chilton, 1987:6). Natuurlik geld dit ook enige bewering van ŉ ander gehoor as Jesus se groepie nabye dissipels wat daar saam met Hom was.

> **Daar is geen Skrifbasis om te besluit dat Jesus na enige ander tempel verwys het as die van Sy tyd nie.**

Die geskiedenis wys dat die tempel in 70 n.C. deur die invallende Romeinse magte vernietig is. Sommige kommentators probeer argumenteer dat die oorblyfsel van die westelike muur (of klaagmuur) wat selfs vandag bly staan, bewys dat hierdie profesie nog nie vervul is nie. Daar word ook geargumenteer of die stutmure as deel van die geboue van die tempel verstaan kan word. Bray (2008:11) meen weer dat die uitdrukking, nie een klip sal op die ander gelaat word nie, ŉ spreekwoordelike en hiperboliese beskrywing van **omvattende vernietiging** is. Wat waar bly volgens Josephus en ander se rekords is dat die tempel, eens beskryf as die 'voetbankie' en sentrum van God se teenwoordigheid by die mens geheel en al vernietig is tot vandag toe. So is ook Miga se profesie (3:12) vervul, dat Sion soos ŉ omgeploegde land en Jerusalem puinhope sou word: "*Daarom sal Sion om julle ontwil soos 'n land omgeploeg en Jerusalem puinhope word en die tempelberg bosrante*."

Johnson se *The Peoples' New Testament* van 1891 verklaar dat die oorblyfsels van ander grootse tempels nog steeds hul destydse prag reflekteer, soos die Parthenon, Akropolis, die tempels van Karnak, Luxor, en Baalbec. Om egter selfs net die fondamente van die Joodse tempel te vind moet ŉ mens diep onder die moderne stad grawe. Dit het van die aardbol af verdwyn en in sy plek staan daar ŉ kompleks van die Moslems.

Teen die agtergrond wat ons beskryf het, glo ons dat God reeds lank vantevore Sy teenwoordigheid onttrek het uit die tempel van mensgemaakte godsdiens wat die heiligdom waarop Sy naam was vervang het. Hy het immers Sy Seun na Sy eie toe gestuur het, maar dié is deur Sy eie mense verwerp ten spyte van die talle waarskuwings wat God se profete oor die eeue heen aan hulle gerig het (Joh. 1:11): "*Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie*."

Ironies, word die tyd van die Messias se verskyning in Joodse rabbynse bronne bevestig. Een van die mees gerespekteerde rabbi's in die Joodse geskiedenis, Rabbi Ben Maimon (ook bekend as Maimonides), het in die 12de eeu geskryf dat Daniel die kennis van die eindtye aan die Jode openbaar het. Hierdie kennis word egter as geheim beskou en die wyse rabbi's het berekening van die dae van die Messias se aankoms verbied, **sodat die ongeleerde mense nie mislei word as hulle sien dat die Eindtyd reeds aangebreek het, maar sonder enige teken van die**

**Messias (binne hul verwagting van ’n politieke en krygsheer Messias) nie**. Rabbi Moses Abraham Levi het eweneens verklaar dat hy al die Heilige Skrifte bestudeer en deursoek het, maar die tyd van die Messias se aankoms in geen ander Skrif as in die duidelike woorde van Daniel se negende hoofstuk kon vind nie (Missler, 1996).

Dit sou in die lig hiervan moeilik wees om te glo dat die Jode van Jesus se tyd die profesie anders sou verstaan het as die Christene, hoe hulle dit ook al deur die eeue heen mag ontken het en steeds ontken. In 1941 het die geestelike leier van die Joodse Chabadgroep die stelling gemaak dat die Hebreeuse Talmud reeds meer as 1500 jaar vantevore verklaar het alle eindtye vir die verlossing verby is – dit het nog net beroubetoning afgewag (Chabad.org).

## DIE DISSIPELS SE VRAE AAN JESUS

**Mattheus. 24:3 (Markus 13:3,4 & Lukas 21:7)**

> En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie heeltemaal afgebreek sal word nie. En toe Hy gaan sit het op die Olyfberg, kom die disiepels na Hom apart en sê: Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en die voleinding van die wêreld?

Ons moet onthou dat hierdie dissipels in ’n intieme verhouding saam met Jesus geleef het, **in die ware sin van dissipelskap soos wat dit in daardie kultuur verstaan is**. Daarin was dit selfs ’n getroude man geoorloof om sy vrou vir ’n bepaalde tyd sonder haar toestemming by die huis te los om die wysgeer en leraar te volg (Matt. 19:29): “*En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond terwille van my Naam verlaat het, sal honderdmaal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe.*”

Hulle het nie bloot vir die dag by hul leraar aangesluit en saans weer huis toe gegaan nie. Gevolglik behoort niemand te twyfel dat hulle na ’n bonatuurlike teken verwys het toe hulle hier op die Olyfberg met Hom gepraat het nie. Let ook op dat hulle nie van tekens praat nie, maar slegs oor ’n teken met Hom gepraat het (dus enkelvoud). Dit is belangrik om te onthou in die lig van die onnadenkende gebruik deur sommiges om allerhande tekens (meervoud) uit te wys in hul verduidelikings dat ons, die huidige geslag, in die laaste dae leef.

Die volgende belangrike konsep om te verstaan, is die term 'koms' binne hul woordkonteks. Dit is die Griekse woord *parousia*, wat ŉ uitdrukking van teenwoordigheid (Engels: presence) is. Daar is absoluut geen aanduiding hier, of enige ander plek in die Nuwe Testament, van ŉ fisiese, liggaamlike terugkeer of koms van die Here Jesus nie. Diegene wat so ŉ liggaamlike teenwoordigheid aan mense leer moet dit in die Skrif in filosofeer. Dit is ook net Mattheus wat hierdie spesifieke uitdrukking gebruik, waarvoor ons nogmaals in gedagte moet hou dat hy vir ŉ Joodse lesersgemeenskap geskryf en dus besondere Joodse konsepte toegepas het. Die parallelle gedeeltes uit Markus en Lukas verwys pertinent en duidelik na die tempel se vernietiging:

> En Jesus antwoord en sê vir hom: Sien jy hierdie groot geboue? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie heeltemal afgebreek sal word nie! En toe Hy gaan sit het op die Olyfberg, regoor die tempel, vra Petrus en Jakobus en Johannes en Andreas Hom apart: Vertel ons wanneer sal al hierdie dinge wees, en wat is die teken wanneer al hierdie dinge volbring word? (Mark. 13:3-4).

> En toe sommige oor die tempel praat, dat dit met mooi klippe en gewyde geskenke versier was, sê Hy: Hierdie dinge wat julle sien – daar sal dae kom wanneer daar nie een klip op die ander gelaat sal word wat nie afgebreek sal word nie. En hulle vra Hom en sê: Meester, wanneer sal dit dan wees; en wat is die teken wanneer dit gaan gebeur? (Luk. 21:5-7).

Hand aan hand met die konsep van die Here Jesus se teenwoordigheid, sluit die vers in Mattheus die "*voleinding van die wêreld*" in. Die woord 'voleinding' wat hier in die 1933-vertaling gebruik is (of 'einde' in nuwer vertalings), is die Griekse *sunteleia*. Dit dui die **algehele voltooiing of volvoering van 'n dispensasie aan**. *Aion*, wat in die ou en nuwer Afrikaanse vertalings as 'wêreld' vertaal is, word akkurater as 'dispensasie' vertaal. Let op dat hier nie twee afsonderlike gebeurtenisse aangespreek word nie, maar een. **Hierdie vers bevestig konteks vir die term 'voleinding' of 'einde' dwarsdeur die professie**. Die voorspelde vernietiging van die tempel en einde van die Mosaïese dispensasie is een en dieselfde gebeurtenis.

Dubov (2009, onder die Joodse Chabad.org-sambreel) skryf dat die uitdrukking 'Einde van die Dae' nog altyd in die Hebreeuse begrip beskou is as ŉ verwysing na die messiaanse era. Met ander woorde, die mense in wie se kulturele, historiese, geografiese en letterkundige kon-

teks die boeke van die Ou Testament geskrywe is, het nog altyd die konsep verstaan as van toepassing op die messiaanse era. Deur hul geskrifte te bestudeer word by ’n mens geen twyfel gelaat nie dat hulle die einde van dae verstaan het as ’n sameloping, ’n bymekaarkom van tye (of seisoene) in die langverwagte Messias. As ons dan glo Jesus van Nasaret die Messias was en is, op grond waarvan kan ons nou die betekenis van uitdrukkings soos die ‘einde van dae’, of die ‘laaste dae’, of ‘einde van die bedeling/dispensasie’ herdefinieer om iets anders te beteken? Daar kan net een rede vir so ’n definisie wees en dit is om die moderne, mensgemaakte doktrine te pas. Daar is geen Bybelse substansie voor nie, buiten die manipulering van die kontekstuele aspekte van die toepaslike Skrifgedeeltes nie. Ons moet eweneens versigtig wees as ons woorde soos ‘wêreld’ in ons vertalings lees, veral wanneer dit in ’n konteks van die ‘eindtyd’ gelees word.

Dit waarna dus in hierdie Skrifgedeelte verwys word as die ‘voltooiing van die tydperk (Engels: age) of dispensasie/bedeling’, is daardie gewigtige krisis van die eeue toe die Mosaïese bedeling en sy tempel vernietig is. Die teenwoordigheid of koms (*parousia*) wat in Mattheus 24:3 aangespreek word, sou volgens die Skrif en die antieke Hebreeuse begrip **by die beëindiging van ’n spesifieke tydperk of bedeling plaasvind en het nie die einde van die mensdom op aarde voorspel nie**. Terry (1883:458) verklaar dat die bedeling of dispensasie wat sou kom, die messiaanse bedeling, dus onmiddellik na die pre-messiaanse tydperk sou volg. Ten tye van Jesus se gesprek met Sy dissipels het hierdie laaste tydperk nog nie aangebreek nie (en dit sou dus **vir hulle** ’n toekomsbetekenis gee).

Chilton (1987:7-8) beskryf ook die dissipels se kommer en hul vraag het om hierdie een groot ding gewentel, te wete dat hulle eie geslag (generasie) die einde van die pre-messiaanse (of pre-Christen) en aankoms van die nuwe era sou beleef wat die Ou Testamentprofete voorspel het. Al wat hulle wou weet was **wanneer** dit sou gebeur en **watter teken** hulle voor moes uitkyk ten einde volledig voorbereid te wees.

**Mattheus. 24:4-6 (Markus 13:5-7 & Lukas 21:8-9)**

> En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op, dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! En hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas

> op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

Jesus het hier met sy dissipels gepraat en nie die skares nie, en Hy het hulle vermaan om hulle nie deur die gerugte van oorlog en oorlog self te laat ontstel nie. Sulke dinge sou gebeur en het dwarsdeur die grootste deel van die mensdom se geskiedenis gebeur – bv. Wêreldoorlog I en II. Ons kan maar net weer beklemtoon dat die dissipels se fokus in hul drievoudige vraag op die tempel gerig was. Om hierdie woorde van Jesus te neem asof dit aan die mense van ons tyd gerig is, is om in die Skrif in te lees wat nie daar geskrywe staan nie. Met meer as 200 onvervulde eindtydvoorspellings sedert die eerste eeu is daar oorgenoeg bewys van die misleiding wat so ŉ benadering meebring.

Valse Christusse sou te voorskyn kom (*erchomai*) en ons bespreek die vervulling daarvan waar ons Mattheus 24:23-26 beskou. Die woord wat hier as 'voleinding' vertaal is, is die woord *telos* en dit beskryf in wese ŉ punt waarop daar as ŉ grens of drempel afgestuur word – dus die voltooiing of afhandeling van ŉ daad of omstandigheid (in hierdie geval die Mosaïese bedeling).

**Mattheus 24:7-8 (Markus 8 & Lukas 21:9-11)**

> Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is ŉ begin van smarte.

Die woord *odin*, wat hier as 'smarte' (Engels: sorrows) vertaal is, word deur sommige soos die Holman Christian Standard Bible as '*birth pains*' vertaal, as '*travail*' deur Jahn in sy Exegeses Bible, en as '*throes*' in Green se Interlinear Bible. Watter term ŉ mens ook al kies, beskryf dit skerp of intense pyn soos met geboorte of dood. Dit is in groot mate beskrywend van die mensdom se geskiedenis en baie beslis van die Hebreërvolk. Ons sal meer daarvan teenkom soos wat ons deur die bespreking van hierdie profesie vorder.

Lukas noem hierdie gebeurtenisse verskriklike dinge en groot tekens van die hemel, waardeur die ernstigheid en intensiteit beklemtoon word.

## VERVOLGING, VERRAAD EN VALS PROFETE VOORSPEL

### Mattheus 24:9 (Markus 13:9-12 & Lukas 21: 12-16)

> Dan sal hulle julle aan die verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word terwille van my Naam.

Markus en Lukas beskryf albei in groter besonderhede hoe hulle aan die rade (of Sanhedrins) oorhandig, in die sinagoges geslaan en voor goewerneurs en konings gebring word. Hul rekord is soortgelyk aan die Mattheus 10:17-21 teks, wat die sending van die twaalf deur Jesus beskryf. In die parallelle gedeelte uit Lukas (verse 16-19) word daar vir hulle gesê dat geen haar op hul hoof verlore sal gaan nie:

> Maar julle sal oorgelewer word ook deur ouers en broers en bloedverwante en vriende; en hulle sal van julle doodmaak. En julle sal gehaat wees deur almal terwille van my Naam. En geen haar op julle hoof sal ooit verlore gaan nie, Deur julle volharding moet julle jul siele in besit kry.

Die geskiedenis bevestig dat die meeste van hierdie dissipels, wat later as apostels bekend sou staan, inderdaad doodgemaak is voor die groot verdrukking wat op Jerusalem gekom het (en wat ons in die bespreking van Mattheus 24:21 hanteer).

### Mattheus 24:10-11

> En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.

Die tydperk van 66-70 n.C. is deur Joodse opstand teen Rome gekenmerk. Spanning is verhoog deur toenemende belasting, die Romeinse beheer oor die Hoëpriester, algemene behandeling deur die Romeine, asook ideologiese spanning tussen die paganistiese (heidense) Grieks-Romeinse wêreld en die Joodse geloof in een God. Onder Keiser Nero is die Jode se status as burgers van die Ryk ingetrek, wat hulle weerloos gelaat het teen teistering deur nie-Joodse burgers. Die insident wat finaal gemoedere in 66 n.C. in volskaalse opstand laat oorkook het, was die ontdekking dat die Romeinse goewerneur, Florus, groot hoeveelhede silwer uit die tempel gesteel het.

Romeinse soldate wat in Jerusalem gestasioneer is, sowel as ŉ ondersteuningsgroep soldate wat Rome gestuur het, is verslaan. Dit het die Selote oortuig dat hulle die Romeinse Ryk sal kan oorwin. ŉ Groot aantal Jode is daarop doodgemaak of in slawerny verkoop deur die swaar gewapende en hoogs opgeleide mag wat Rome teen die rebelle in Galilea ingestuur het. Joodse leiers wat ontsnap en na Jerusalem gevlug het, is summier doodgemaak as hulle nie die opstand voluit gesteun het nie. Sommige rebelle het later die stad se graanskure (of kosvoorraad) afgebrand in die waan dat dit almal in die stad sou dwing om teen die Romeine op te staan, maar dit het bloot die Romeine se taak om Jerusalem uiteindelik te vernietig, makliker gemaak (Pelaia, 2013). Die toestand in Jerusalem is gekenmerk deur interne aanstoot, verraad en onderlinge haat tussen die verskillende Joodse groepe.

In sy beskrywing van die laaste gebeure toe die Romeinse soldate Jerusalem binnegeval het, het Josephus die rol van valse profete aangeteken, wat die mense mislei het om te glo dat God aan hulle opdrag gegee het om op die tempelarea bymekaar te kom, waar hulle wondertekens van hul redding sou ontvang. Hy onthou dat hulle soos mense wat verblind is, sonder oë om te sien of verstand om te dink, nie God se afwysende uitsprake aan hulle geag het nie. Deur almal op die tempelgronde byeen te kom het hulle dit vir die Romeine net makliker gemaak om hulle dood te maak en gevange te neem (Josephus, 1998:889). Natuurlik sou dit naïef wees om te dink dat hierdie valse profete nie deur al die jare se opstand en omsingeling van Jerusalem aktief was nie.

**Mattheus 24:12,13 (Markus 13:13 & Lukas 21:19)**

> En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Vincent's Word Studies (e-Sword) beklemtoon dat die implikasie hier nie net een van baie is nie, maar van die meerderheid. Robertson's Word Pictures (e-Sword) stel dit dat liefde sou plek maak vir haat en agterdog. Die historiese rekord laat geen onsekerheid oor hierdie waarheid in daardie dae nie.

Weer eens is dit die Griekse woord *telos* wat hier as 'einde' vertaal is en wat ŉ grens of drempel waarheen gemik word, die voltooiing van ŉ daad of toestand, beskryf. Die People's New Testament Commentary (Johnson, 1891) stel dit dat Christene wat tot die einde volhard het in hul

geloof, gered is toe hulle na Pella anderkant die Jordaan kon vlug, toe die teken waarvan die Here gepraat het duidelik daar was. Daar word in groter besonderhede daarna gekyk onder Mattheus 24:16. Wat wel hier onderstreep kan word, is dat hierdie Skrifgedeelte vir mens wys hoe belangrik dit is om die inhoud in die ware konteks te verstaan. Die uitdrukking 'gered' word so algemeen van die preekstoel af aangebied as verwysend na 'redding van die siel van ewige verdoemenis in die hel', sonder behoorlike oorweging van die Skrifgedeelte waarna gekyk word. In hierdie geval word verstaan, het dit aangedui dat diegene wat sterk bly vashou aan hul geloof, fisiese redding uit die ramp wat vir hulle voorlê sou ontvang.

Lukas se weergawe (21:19) van volhard tot die einde toe is "*Deur jul volharding moet julle jul siele in besit kry.*" Die Holman Christian Standard Bible gee die teks weer as, "*By your endurance gain your lives.*" As ons dan daaraan dink dat die vorige vers verklaar het geen haar van hul hoof sou verlore gaan nie (ongeag die stelling dat sommige van hulle doodgemaak sou word), bring die Holmanweergawe inderwaarheid vir ons duidelikheid.

## VERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE AAN DIE WÊRELD

**Mattheus. 24:14**

> En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.

Mens kan met oortuiging die stelling maak dat hierdie een van die mees kritieke stellings in Jesus se profesie oor Jerusalem is. Dit word dikwels gebruik om die gewilde eindtyddoktrines te verdedig, in die sin dat daar vandag steeds dele van die mensdom is wat nog nie die evangelie gehoor het nie. Een artikel wat ons jare gelede gelees het (en waarmee ons dit destyds roerend eens was) het verduidelik hoe die bydrae van elektroniese media en veral die internet dit nou moontlik gemaak het om hierdie deel van die profesie binnekort te vervul.

Ons begrip destyds (soos die van baie opregte Christene) was heeltemal benewel deur jare se fokus op die Skrif vanuit en met 'n Westerse uitkyk en konteks. *Oikomene*, die Griekse woord wat as 'wêreld' vertaal is, het verwys na die 'bewoonde aarde' van daardie tyd en begrip, en nie die hele aardbol soos die moderne Westerling dit algemeen vertolk nie. 'n

Baie soortgelyke betekenis is 'mensdom' (Mounce, 2006:808,809). Hierdie woord was **veral gebruik om die Romeinse Ryk aan te dui**. Byvoorbeeld: Keiser Augustus het bevel gegee dat "*die hele wêreld (oikomene) ingeskryf moet word*." In Handelinge 11:28 lees ons dat ŉ profeet genaamd Agabus ŉ groot hongersnood oor die hele *oikomene* voorspel het. Die Holman Christian Standard Bible vertaal hierdie gedeelte korrek as "*throughout the Roman world*." Sommige moderne eindtydleraars, hoe opreg hulle ook al in hul uitleg mag wees, doen beide die inhoud en konteks van hierdie teks geweld aan as hulle dit op ons wêreld van vandag toepas. Baie Christengelowiges is vir so lank mislei deur ŉ kombinasie van ons gebrek aan kennis van die taal en verkeerde perspektiewe wat deur minder akkurate Bybelvertaling in ons Westerse begrip veroorsaak is.

Gedurende die sestiende eeu, terwyl hy aan die vertaling van die Hebreeuse Bybel (Tanakh) in Duits gewerk het, het Luther besef wat baie Hebreeuse geleerdes van die twintigste eeu beaam het: Dit is onmoontlik om in enige ander taal so baie in so min woorde oor te dra. In die Hebreeuse taal hoor ŉ mens God praat, het Luther verklaar (Wilson, 1990, aangehaal deur Lawrence).

Met Stefanus se steniging en Paulus se vervolging van die volgelinge van Jesus die Christus, het dit meegebring dat die Evangelie vinniger versprei is (Hand. 7:54 – 8:4). Die boek van die Handelinge van die Apostels beskryf hoe die Evangelie deur die hele bekende wêreld geneem is. Paulus is tot Christus bekeer en hy het die Evangelie aan die heidene gebring. In sy brief aan die Kolossense (1:6) **verklaar hy dat die Evangelie vrug dra oor die hele wêreld**. Hier is die woord kosmos gebruik, wat verwys het na die ordelike rangskikking van die mensdom op aarde, en dan ook in die sin van die bekende wêreld van hul tyd, die Romeinse Ryk. Dieselfde begrip is duidelik uit Paulus se grootste werk, sy brief aan die Romeine:

> Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die woord van God. Maar ek sê: Het hulle miskien nie gehoor nie? Ja seker! **Oor die aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld [oikomene] hulle woorde** (Rom. 10:17,18; outeurs se beklemtoning).

Die verwysing na 'al die nasies' in Jesus se stelling bevestig ons begrip van die tersaaklike profetiese konteks verder en ondubbelsinnig. Handelinge 2:1-11, waarin ons lees van die uitstorting van die Heilige

Gees in Jerusalem op die Pinksterdag, lui dat daar **in Jerusalem Jode gewoon het, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder hemel is, en dan word die nasies opgenoem** – enige kaart van daardie tyd bevestig nogmaals dat die Romeinse Ryk die konteks uitmaak:

"Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotamië, Judéa en Kappadócië, Pontus en Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die streke van Libië by Ciréne, en Romeine wat hier woon, Jode en Jodegenote, Kretense en Arabiere (…)" (Hand. 2:9-11).

# DIE KLIMAKS

## DIE GRUWEL VAN VERWOESTING EN ONTVLUGTING VAN CHRISTENGELOWIGES

### Mattheus 24:15-20 (Markus 13:14a-18 & Lukas 21:20-23)

> Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniel, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees oplet – dan moet die wat in Judea is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog laat drink, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.

Die teks in Lukas se weergawe lees, "*En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingel sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is*." In hierdie verband moet u daarop let dat Lukas nie sy weergawe vir ŉ Hebreeuse lesersgroep geskryf het nie en dus sou seker maak dat sy beoogde leser, iemand wat hy as hooggeagte Theofilus aanspreek, verstaan. Die konteks van sy inleiding onderstreep hierdie realiteit.

Kommentators verskil in hul interpretasie van die teks in die lig van hoe hulle Jesus se verwysing na die heiligdom volgens Mattheus se weergawe verstaan. Dit word gewoonlik aanvaar as die tempel, bv. Robertson, wat die teks interpreteer as verwysende na teenwoordigheid van die Romeinse leër in die tempel. Lukas se teks verwys egter spesifiek na Jerusalem wat deur ŉ weermag omsingel is. Hou in gedagte dat Jerusalem die heilige stad genoem was. In die Hebreeuse begrip is ŉ dorp of stad as ŉ 'bewaakte plek' beskryf. Ons noem dit spesifiek in die lig van die gebruik van die uitdrukking 'holy place' in Engelse vertalings.

Albert Barnes (e-Sword) gee ŉ soortgelyke uitleg en noem dat Markus (13:14) die woorde "*(...) staan waar dit nie behoort nie (...)*"

gebruik en daarmee dieselfde bedoel. Die hele Jerusalem is as 'heilig' beskou (kyk bv. Matt. 4:5). Dit beteken dus dat, wanneer hulle die Romeinse magte in die stad of uitgekamp om die tempel sou sien, of die Romeinse kentekens in die tempel, moes hulle besef dat die verwoesting van die stad en sy tempel naby was. 'n Mens sou kwalik binne daardie gemeenskap se samelewingsbegrip die stad van die tempel kon losmaak en andersom.

> Die hele Jerusalem is deur die Jode as 'heilig' beskou

In die Hebreeuse begrip is enigiets wat die aanbidding van afgode in hul heilige of gewyde plekke behels het as 'n gruwel beskou. Gedurende die laaste omsingeling asook gebeurtenisse wat dit in die jare 66 tot 70 n.C. voorafgegaan het, is Joodse aanbiddingsplekke regdeur Judea deur die Romeinse mag ontheilig. Verskeie gruwels is ook deur sommige Jode in die tempel gepleeg. Een het die gewyde houers gesmelt. Die priesters, die hoëpriester inkluis, is doodgemaak en een wat niks van die priesterlike aangeleenthede af geweet het nie, is in die amp van hoëpriester verkies. Dronkenskap het in die tempel voorgekom en regdeur Jerusalem is duisende Jode deur hul eie mense doodgemaak. Daar kan geen twyfel wees dat die Jode telkens ten aanskoue van heidenmagte wat Jerusalem nader of omsingel, nog 'n ontheiliging van die tempel in gedagte sou gehad het nie. Die Romeinse mag is opsigself die 'gruwel' genoem op grond van die beelde van die keiser, en die arende, wat voor die legioene gedra en deur die Romeine met goddelike ontsag beskou is. The People's New Testament Commentary van Johnson (1891) stem saam dat die Romeinse mag, met heidense beelde en baniere, gereed om brandoffers op die tempelaltaar aan afgode te bring, asook verwoesting oor Jerusalem en die tempel te bring, hier met die uitdrukking 'gruwel' bedoel word.

Lukas se weergawe is eenvoudig en duidelik, te wete dat Jesus verwys het na die omsingeling van Jerusalem deur die Romeinse mag, en dat Sy stelling aangedui het Jerusalem en die tempel se verwoesting was voor die deur. Al die filosofering van gewilde moderne eindtyd kommentators het baie groot skade aan Bybelse waarheid veroorsaak met die baie en uiteenlopende wanvoorstellings van die 'gruwel'. Ons dink byvoorbeeld aan een film van jare gelede waarin die gruwel as 'n reuse rekenaar in die tempel voorgestel is. Dit is geen wonder dat die wye wêreld so hardnekkig probeer om die Bybel as 'n boek van mites te bewys nie – en hierdie stelling word glad nie sarkasties bedoel nie. Goedbedoelende Christengelowiges gee vir hulle gereeld soveel skietgoed.

Baie jare vantevore, gedurende die Babiloniese ballingskap, het die engel Gabriël aan Daniel verskyn en die bekende sewentig sewes profesie oor die 'eindtyd' aan hom gegee. In ons E-boek, *Daniel Without Make-up And Long Toes*, toon ons aan dat die mense in die ballingskap die mense van die twee stamme van Juda en Benjamin was. Die ander tien stamme van die oorspronklike volk Israel was reeds lank vantevore deur die bekende wêreld versprei, en op so 'n manier dat hulle selfs die kennis van hul stamverband verloor het. Wat vir ons bespreking hier belangrik is, is dat die engel die toepassing van die profesie op die mense van Judea en Jerusalem beklemtoon het. Dit was nie van toepassing op die mense van alle nasies in die toe bekende, bewoonde wêreld nie. Toe Jesus op die Olyfberg met Sy dissipels gepraat het, het Hy nie daardie realiteit verander na 'n groter omvang nie. Hy het pertinent Daniel se weergawe van die **heiligdom (heilige plek)** en van **die mense in Judea** herbeklemtoon.

Botsings het vroeg in die dekade van 60-70 n.C. tussen die Jode en Romeine begin uitbreek. Toe die Romeinse mag in 66 n.C. onder die aanvoering van Cestius Gallus teen Jerusalem opgetrek het om die rebellie te onderdruk, het hulle die stad omsingel, maar ewe skielik en onverklaarbaar onttrek. Volgens Josephus (Wars 2.19.7) het Cestius Gallus die omsingeling onverwags opgehef en sy mag onttrek net toe hy op die oog af die stad maklik kon ingeneem het. Dit was die teken vir die gemeenskap van gelowiges in Jesus die Christus om te vlug. Hulle het van Jerusalem af gevlug – volgens 'n derde eeuse 'kerkvader', Eusebius, na 'n plek met die naam Pella oorkant die Jordaanrivier (New Advent.org). Thomas Newton (1754) het daarop gewys dat almal wat in Christus geglo het van Jerusalem na Pella en ander plekke oorkant die Jordaan uitgewyk het, en dat daar geen rekord is van enige van hulle wat in die vernietiging van Jerusalem omgekom het nie. Scott (1998) het 'n omvangryke studie onderneem van die hoofargumente in moderne debatte wat die korrektheid van verslae deur vroeë Christenhistorici soos Eusebius en Epiphanius oor so 'n ontvlugting bevraagteken. Sy gevolgtrekking was dat die ou skrywers waarskynlik eerder korrek is as die moderne twyfelaars.

Hoe 'n mens ook al daarna kyk, Jesus se stellings dat sommige van Sy leiersgroep doodgemaak sou word en dat diegene wat in Judea was (ooglopend verwysende na die gelowiges) na die berge toe moes vlug, weerspreek op die oog af die gewilde moderne filosofie van 'n 'wegra-

ping van gelowiges' voor die sogenaamde en toekomstige groot verdrukking

Die laaste paar verse van hierdie gedeelte beklemtoon op verskillende maniere die dringendheid. Daar moes geen vertraging wees nie. Jesus noem dat dit die beste sou wees as hul vlug nie op ŉ Sabbatdag plaasvind nie. In die eerste geval sou die harde winters van daardie area groot lyding meegebring het, terwyl die tweede daarop berus het dat hulle steeds deur die Joodse leiers as onder die wet beskou is. Sabbatsverbreking was met die dood strafbaar. Voorts sou dit moeilik gewees het om op ŉ Sabbatdag te vlug aangesien Jerusalem se poorthekke op die Sabbat gesluit was (Fenemore, 2010). Churton (1785) merk op dat hierdie ontvlugting van gelowiges in die matige herfstyd plaasgevind het en ses agtereenvolgende dae lank geduur het, wat nie ŉ Sabbatdag ingesluit het nie. Hulle het dus die geleentheid gehad om uit Jerusalem pad te gee, met genoeg ruimte vir hul reis en selfs die keuse van waarheen om te gaan.

## GROOT VERDRUKKING

**Mattheus 24:21-22 (Markus 13:19-20 & Lukas 21:23-24)**

> Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.

Hierdie is ongetwyfeld een van die prominentste en mees bespreekte gedeeltes van die profesie. Dit is terselfdertyd ook waarskynlik een van die mees misbruikte en wanvoorgestelde gedeeltes. Neem byvoorbeeld die volgende: In sy kritiek op preteriste se sienings van Mattheus 24 (m.a.w. die sienings van mense wat glo alle Bybelprofesie is reeds vervul) vra die outeur van ŉ artikel op die Internet dat, as die vernietiging van Jerusalem dan die Groot Verdrukking met gepaardgaande vervolging van gelowiges was, hoe verklaar preteriste Mattheus 24: 21 *"(...) **which states** that the period after the 'antichrist' signs a seven-year peace treaty with Israel will be the worst time in all of history?*" [Outeurs se beklemtoning].

ŉ Mens kan nou maar op enige moontlike manier na hierdie vers kyk, maar dit bevat beslis nie so ŉ stelling nie. Jy moet die elemente van

‘antichris’, ‘sewe jaar’ en ‘vredesooreenkoms’ in die teks inlees, want dit kom eenvoudig nie daarin voor nie. Dit is ŉ toonbeeld van slordige hantering van die Bybelse teks, hoe opreg die bedoeling van die persoon ook al mag wees.

Lukas is meer beskrywend van wat die verdrukking sou behels – hulle sou met die swaard doodgemaak of as krygsgevangenes na al die nasies geneem word. Jerusalem self sou deur die nasies vertrap word totdat die tye van die nasies vervul (opgevul, voltooi) is. Kommentators verskil oor die verwysing na tye van die nasies se betekenis. Ons, die outeurs, verstaan dit eenvoudig as verwysende na die onderdrukking en veragting wat op die verowering van Jerusalem en Judea deur die heidense Romeine sou volg.

Geleerdes wat Esegiel 5:8-10 aanvaar as ŉ waarskuwingsvoorspelling van die Romeinse omsingeling, en dit blyk op die oog af korrek te wees, projekteer dit dan ongelukkig ook dikwels na nog ŉ vervulling in die verre toekoms. Daar is reeds vroeër op gewys dat die Bybel nie enige ondersteuning vir so ŉ benadering van dubbele vervulling van profesie bevat nie:

> (…) En Ek sal strafgerigte oefen in jou, voor die oë van al die nasies; en om al jou gruwels ontwil sal Ek aan jou doen wat Ek nooit gedoen het nie, en wat Ek so nooit weer sal doen nie (…) en Ek sal strafgerigte oefen in jou en sal al wat van jou oorbly, in al die windstreke verstrooi.

Enigiemand wat Josephus en ander se historiese rekord hieroor lees, sal begryp hoe groot ŉ verdrukking die mense in Judea en Jerusalem onder die Romeinse soldate gely het. Volgens Josephus is sowat 1,100,000 mense gedurende die oorlog doodgemaak, van wie die meeste Jode was. Nog 97,000 is gevange geneem en as slawe weggevoer. Soldate wat huise binnegegaan het om te plunder, het in sommige huise hele families dood aangetref wat van hongersnood omgekom het. In die stad moes hulle oor hope dooies klouter in hul taak om die Jode uit te wis (Josephus, Wars, 6.5.1 & 6.9.3). “*The whole of Judea lay smouldering in ruins, virtually depopulated. The Days of Vengeance (Luke 21:22) had come with horrifying, unpitying intensity. The holy city had become the Babylonian whore; and now she was a desert, ‘the habitation of devils, and the hold of every foul spirit, and a cage of every unclean and hateful bird’ (Rev. 18:2)*” (Chilton, 1987:15).

Edersheim (1947:449) beskryf die verdrukking as ongeëwenaard in die verskriklike verlede van die Joodse geskiedenis sowel as in hul bloedige toekoms. As Goddelike genade nie tussenbeide getree het ter wille van die volgelinge van Christus nie, sou die hele Joodse volk wat in daardie land was uitgewis gewees het. Hierdie stelling verkry nog meer gewig as mens besef dat Jerusalem in sy lang geskiedenis twee keer vernietig is, 23 keer omsingel (beleër), 52 keer aangeval en 44 keer ingeneem en teruggeneem is. Dit is een van die oudste stede in die wêreld (Wikipedia, History, 2012).

Laat ons hierdie gedeelte afsluit deur te beklemtoon dat ons paar notas nie eens naastenby die verskrikking waardeur die stad en sy inwoners in daardie laaste tydperk gegaan het tot en met die vernietiging van die stad en sy heilige tempel reflekteer nie. Diegene wat dalk nog twyfel oor hoe groot daardie verdrukking inderdaad was, moet beslis die rekord van Josephus en andere hieroor bestudeer. Terselfdertyd is dit kernbelangrik om die ware konteks van Jesus se profesie in Mattheus 24:21 in gedagte te hou – en **dit behels die wêreld (en meer spesifiek die Romeinse Ryk) van hul tyd**. Dit kan nie van die ware historiese en geografiese konteks geskei en dan geprojekteer word as iets wat nog in ons geslagte se toekoms vervul moet word nie. Daar is ook geen ondersteuning in die teks vir ŉ beginsel van dubbele profesie (of betekenis) nie, m.a.w. een vervulling in 70 n.C. en nog een in ŉ later geslag se leeftyd. Die Bybel bevat geen reël of beginsel wat aandui dat profesie op so ŉ manier hanteer moet word nie. **Jesus het nooit enige ander vervulling beskryf as een in die leeftyd van Sy dissipels nie**. Daar word weer hierna gekyk in die bespreking van Mattheus 24:34.

Insoverre dit die verkorting van daardie dae ter wille van die uitverkorenes betref, word die uitverkorenes verstaan as **daardie geslag van gelowiges**. Hulle was die voorafbestemde (of dan uitverkore) geslag om die voertuig te wees waardeur die messiaanse dispensasie of bedeling en die koninkryk van God gevestig sou word. Hierdie profetiese stelling sou geen sin gemaak het as die 'uitverkorenes' byvoorbeeld voor die verdrukking 'weggeraap' sou word nie. Jesus het beslis nie van ŉ sewe jaar of drie en ŉ halfjaar groot verdrukkingstydperk gepraat nie, soos wat verskillende eindtydfilosofieë aanvoer nie. Ons beveel ons boek oor Daniel (*Daniel Without Make-up And Long Toes*) baie sterk aan om Bybelstudie hieroor aan te moedig en fasiliteer.

Vincent (e-Sword) merk op dat verskeie oorsake inderwaarheid saamgewerk het om die omsingeling van Jerusalem te verkort:

- Herodes Agrippa moes vantevore weens 'n bevel van die Romeinse Keiser ophou met die versterking van die stadsmure.
- Die Jode was so besig met hul interne konflikte dat hulle nagelaat het om voorbereidings te tref om die omsingeling van die stad te deurstaan.
- Die graan- en kosvoorraadskure is voor die aankoms van die leër onder Titus se bevel afgebrand.
- Titus en sy leërmag het skielik opgedaag.
- Die Jode het vrywillig dele van die fortifikasie verlaat.

Toe Titus na al die versterkings (fortifikasie) gekyk het wat sy mag moes oorkom, het hy na bewering bely dat net God se ingryping dit vir hulle moontlik kon maak (Josephus, Wars, 6.9.1).

**Mattheus 24:23-26 (Markus 13:21-22)**

> As iemand dan vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! Of Daar! – moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê; Kyk, Hy is in die woestyn – moet nie uitgaan nie. Kyk, Hy is in die binnekamer – moet dit nie glo nie.

Skrifgedeeltes oor valse christusse, valse profete en valse leraars is ook van die mees misbruikte waaraan 'n mens kan dink. Hulle word hedendaags gewoonlik voor die voet op mense toegepas sonder om die ware konteks waarin dit in die Bybel verskyn in ag te neem. Daarmee word nie bedoel dat daar nie moderne valse profete of leraars is nie (of selfs valse messiasse), maar dat iemand nie vals is bloot omdat hy of sy die Skrif anders verstaan as jy nie. Wat hier in Mattheus 24 belangrik is, is die konteks. **Jesus was besig om vernietiging van die tempel en Jerusalem aan te spreek**, en om dit uit daardie konteks uit te haal lei tot gevaarlike wanvoorstellings.

Bray konsolideer verskeie geskrewe rekords in sy omvangryke boek oor die vervulde profesie van Mattheus 24. Hy maak die stelling dat daar inderdaad in daardie dae valse christusse op die toneel verskyn het wat bevryding aan die mense belowe het sodat hulle nie aan die druk van Rome moes toegee nie. Om inderdaad as messiasse voor te kom moes hierdie mans hul gesag demonstreer deur verskeie tekens en wonders. Dit het hulle gedoen met pogings om mense die woestyn in of na afgeson-

derde plekke te lei waar God hulle na bewering sou red. Die Romeinse omsingeling het nogtans werklikheid geword. Jesus het dus teen sulke aansprake gewaarsku omdat dit tot niks sou kom nie (Bray, 2008:114-115).

Met verwysing na die 19de eeuse teoloog N. Nisbett, maak Bray die stelling dat die Joodse geskiedenistydperk van Herodes die Grote se dood af tot en met die vernietiging van die tempel, die name van valse christusse en profete bevat wat sowel die Jode as die Samaritane om die bos gelei het. Daar was nie voor hierdie periode sulke mense ter sprake nie en niks meer as een vir die vyf of ses eeue daarna nie (uit Kett: *History, the Interpreter of Prophecy,* 3rd. Ed. vol. I, o. 168, by N. Nisbett). Newton (1754) gee ook ŉ aantal voorbeelde uit die antieke literatuur, byvoorbeeld uit die werke van Eusebius, Josephus en Origen. Hy merk op dat Jesus nie net die teenwoordigheid van sulke swendelaars voorspel nie, maar ook die aard en omstandighede van hul optrede. Wonderwerke deur towery was nie ongewoon in Bybelse tye nie soos ŉ mens sien uit die voorbeelde van Jannes en Jambres in Egipte (Ex. 7:11-12) en Simon Magus in die Nuwe Testamentrekord (Hand. 8:9-11). Omdat laasgenoemde mense oor ŉ lang tyd met sy towerkunste beïndruk het, het hulle hom die groot krag van God genoem. Die name van verskeie sulke mense word in die ou literatuur aangetref.

**Jerusalem was so volkome vernietig dat daar vir sowat 200 jaar byna niks noemenswaardigs in die gebied aangepak is nie.**

Samevattend onderstreep ons weer dat die konteks van die profesie nie die teenwoordigheid van valse christusse en profete is nie, maar die vernietiging van die tempel en Jerusalem. Die uiteindelike vernietiging was so volkome dat mense eers sowat 200 jaar later enige noemenswaardige dinge in die area waar die oorspronklike stad was begin aanpak het. Die tempel is natuurlik selfs vandag nog net geskiedenis, met ŉ Moslemkompleks wat op sy plek staan (Bray, 2008:12).

### Mattheus 24:27 (Lukas 17:24)

> Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens.

Hierdie vers word dikwels gebruik om ŉ toekomstige koms, wat sommige mense ŉ ‘finale koms’ van Christus noem ingevolge tradisio-

nele doktrine, te beskryf. Sommiges verklaar dat hierdie beeld ŉ gebeurtenis beskryf wat skielik sal plaasvind en vir almal rondom die aardbol sigbaar sal wees. Daardie siening word nie gedeel nie om die eenvoudige rede dat Jesus in ŉ 'wêreldkonteks' van die bekende bewoonde wêreld of Romeinse Ryk van daardie tyd geprofeteer het. Weens die bekendheid van Jerusalem onder mense oor die hele ryk heen, kan daar nie twyfel wees dat die kennis van Jerusalem se vernietiging vinnig sou versprei het nie. Hy het reeds geproklameer dat mense Hom in die woestyn of afgesonderde plekke sou soek, maar dat dit nutteloos sou wees. Sy *parousia*, Sy teenwoordigheid sou gesien en oraloor bekend word uit die gebeure van Jerusalem en die Tempel se vernietiging, en ook daarna.

### Mattheus 24:28 (Lukas 17:37)

> Want orals waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls bymekaarkom.

Nuwer Engelse weergawes gebruik ook soos die Afrikaanse vertaling van 1933, die vertaling 'vultures' (aasvoëls) teenoor die oueres se gebruik van 'eagle'. Johnson (1891) aanvaar laasgenoemde vertaling en verstaan die term 'dooie liggaam' (carcass) dan as beskrywend van die uiters korrupte Joodse staat van daardie tyd, terwyl die arend die simbool was wat op elke Romeinse banier gepryk het. Vincent (e-Sword), as verteenwoordigend van ŉ ander groep, was van mening dat dit ŉ soort aasvoël is, wat groter en sterker as die arend is. Aristoteles het opgemerk hoe die aasvoël sy prooi van ver af geruik en in die spoor van ŉ weermag versamel het. Barnes (e-Sword) voeg by dat, waar daar ook al gemene mense is, sal ook die instrumente van hul straf versamel word. Die voorsienigheid van God sal hulle daarheen lei, net soos aasvoëls na ŉ dooie karkas toe gelei word.

## TEENWOORDIGHEID VAN DIE SEUN VAN DIE MENS

### Mattheus. 24:29 (Markus 13:24-25 & Lukas 21:25-26)

> En dadelik na die verdrukking van daardie dae sal die son duister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele geskud word.

Ons het hier met **tipiese profetiese beeldspraak van God se teenwoordigheid en die uitgiet van sy toorn te doen**. Kom ons laat die Bybel self vir ons hierdie realiteit wys:

> Kyk, die dag van die Here kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. Want die sterre van die hemel en sy Drie Konings sal hulle lig nie laat skyn nie; die son is duister by sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie. En Ek sal die wêreld sy boosheid besoek, (…) (Jes. 13:9-11).

**Dit was 'n Godspraak (profesie) oor Babel. Die volgende voorbeeld was 'n profesie oor Edom:**

> En al die leërskare van die hemel sal vergaan, en die hemel sal inmekaar gerol word soos 'n boek en al sy leërskare afval soos 'n blad van die wingerdstok afval en soos vye afval van die vyeboom. Want my swaard het dronk geword in die hemel; kyk, dit kom af op Edom en op die volk van my banvloek, om geoordeel te word (Jes. 34:4,5).

**In Esegiël 32 lees ons die uitspraak van die val van Egipte:**

> En as Ek jou uitblus, sal Ek die hemel oordek en sy sterre swart maak; Ek sal die son met wolke oordek, en die maan sal sy lig nie laat skyn nie. Al die skynende ligte aan die hemel, die sal Ek om jou ontwil duister maak, en Ek sal duisternis gee oor jou land, spreek die Here HERE (Eseg. 32:7,8).

**Amos het weer Israel se verwoesting geprofeteer:**

> En in die dag spreek die Here HERE, laat Ek die son op die middag ondergaan en vir die aarde die lig duister word terwyl dit nog dag is (Amos 8:9).

'n Laaste voorbeeld – **toe die profeet Sefanja God se groot oordeel oor Juda weens verskeie sondes geprofeteer het:**

> Naby is die groot dag van die Here, naby en baie haastig. Hoor! Die dag van die Here! Bitterlik skreeu die held daar. Die dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van woestheid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag (Sef. 1:14,15).

Al hierdie Skrifgedeeltes beskryf 'n toestand van groot onheil. Met hul visuele uitbeeldings het die gewilde films en boeke die hele saak ver-

duister (nie sarkasties bedoel nie) en ons persepsies en begrip verwring wanneer ons die Skrifte lees.

**Mattheus 24: 30 (Markus 13:26 & Lukas 21:17)**

> En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met grote krag en heerlikheid.

**Die Seun van die mens is in die hemel, nie die teken nie**. Die gebeure met die vernietiging van Jerusalem en sy tempel is die teken dat die Seun van die mens inderdaad was wie Hy gesê het Hy was – die Seun van God, die Messias wat sit aan die regterhand van die Vader (en dus in die hemel). Mattheus 26:64 & 65 (asook Mark. 13:62 & Luk. 22:69) belig enige twyfel wat ŉ mens hieroor mag koester: "*Jesus antwoord hom [die hoëpriester]…Maar Ek sê vir u almal:* ***Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God*** *en kom op die wolke van die hemel*." Die woord wat in hierdie geval as 'kom' vertaal is, is *erchomai*, en dit weerspieël in hierdie konteks ook die gedagte van ŉ verskyning.

**Die Seun van die mens, die Seun van God, is in die hemel en nie die teken nie.**

Wolke is dwarsdeur die Bybel ŉ simbool van God se krag en heerlikheid (bv. Jes. 19:1) – en ons sien dit ook in ons bespreking van vers 29. Die hoëpriester se onmiddellike uitroep van godslastering bevestig dat hy Jesus se aanspraak met hierdie woorde verstaan het, te wete dat Hy die Messias (Christus) was – en met ander woorde, die Seun van God.

Die teken was die komende vernietiging van Jerusalem en meer spesifiek die tempel. Ongelukkig het prediking, boeke en in latere dekades die kragtige impak van die visuele media, letterlike beelde en gevolglike wanvoorstellings wat die Evangelieskrywers nooit bedoel het nie, in ons begrip ingraveer, of ons nou Christene is of ateïste. Beide die gelowiges in Christus, asook die Jode wat Hom nie aanvaar het nie, sou egter Sy stellings baie duidelik verstaan het.

Dat Jode tot vandag toe nog weier om Jesus van Nasaret as die profetiese Messias te aanvaar bevestig eenvoudig God se beskrywing dat hulle ŉ hardnekkige volk is (bv. Deut. 9:6). Soos in ŉ vorige afdeling vermeld, het een van die mees gerespekteerde rabbi's in die Joodse geskiedenis, Rabbi Ben Maimon (ook bekend as Maimonides) in die 12de

eeu geskryf dat Daniel die kennis van die eindtye aan die Jode verklaar het. Die wyse rabbi's het die berekening van die dae van die Messias se aankoms (deur die sewentig sewesprofesie) egter verbied, sodat mense nie mislei word nie, wanneer hulle sien dat die eindtye reeds aangebreek het, maar sonder enige teken van die Messias. (Dit is nou volgens hul messiaskonsep van 'n politieke en militêre bevryder). Nog 'n rabbi, Moses Abraham Levi, het eweneens verklaar dat hy al die Heilige Skrifte ondersoek het, maar dat hy op geen plek 'n duidelike aanduiding van die tyd van die Messias se koms kon vind nie behalwe in die woorde wat in die 9de hoofstuk van Daniel opgeteken staan (Missler, 1996).

Die vernietiging van Jerusalem en die tempel het die hart uit die hele Joodse samelewing en staatsbestel wat in die Mosaïese bedeling gewortel was, geruk.

**Mattheus 24:31-33 (Markus 13:27-29 & Lukas 21:28-31)**

> En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes bymekaarmaak uit die vier windstreke, van die een end van die hemele af tot by die ander end daarvan. En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy takke al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.

Daar is allerhande sienings en verduidelikings vir die trompetgeluid en bymekaarmaak van God se uitverkorenes deur engele, afhangende van die leser se beskouing van profesie; of dit 'n profesie was van gebeure wat in 70 n.C. plaasgevind het, en of dit iets beskryf wat nog vervul moet word. Diegene wat die laasgenoemde glo sien 'n toekomstige bymekaarmaak daarin. Om sekerheid te bring ten opsigte van ons, die outeurs se siening, moet ons weer eens die aandag op die betrokke konteks vestig. Die dissipels se vraag was baie spesifiek oor die vernietiging van die tempel, die kompleks wat in Joodse kringe beskou was as God se voetbankie op aarde, en die sentrum van die Mosaïese bedeling.

In dieselfde sin dat Jesus nie 'n fisiese wederkoms deur Hom voorspel het nie, het Hy ook nie 'n fisiese bymekaarmaak van Sy uitverkorenes geprofeteer nie – en ons verstaan die Uitverkorenes as daardie geslag met wie Hy gepraat het. Hulle was die uitverkore geslag in wie se tyd die Nuwe Testamentiese bedeling van alle dinge hier op aarde gevestig sou word. 'n Trompetgeluid het gedien om mense byeen te roep en het oor die

algemeen verwagte oorwinning aangedui. In die konteks van hierdie vers was die evangelie van die koninkryk van God die trompet (Bray, 2008:217).

Daar word dus byvoorbeeld saamgestem met Gill se begrip, dat die uitdrukking 'engele' hier nie dienende geeste aandui nie (Heb. 1:14), maar menslike boodskappers, verkondigers van die evangelie van die koninkryk van God, mense wat Christus sou roep, onderrig en uitstuur na die hele bekende wêreld om hierdie evangelie aan beide Jode in die verspreiding (*diaspora*) en die heidene te verkondig (Matt. 28:18-20). Hulle sou deur die Heilige Gees in hul taak gelei word.

**Die 'uitverkorenes' was die geslag in wie se tyd die Nuwe Testamentiese bedeling op aarde gevestig sou word.**

Dit bring 'n mens nou by die gelykenis van die vyeboom in die vers, ook een van die gedeeltes wat so misbruik is en word, deur diegene wat 'n spoedige terugkeer van Christus en 'wegraping' van die gelowiges verkondig. Hulle verstaan onder hierdie gelykenis 'n profesie wat na die stigting van die moderne staat van Israel in 1948 heengewys het, maar die vyeboom word op geen plek in die Bybel as 'n simbool van Israel gebruik nie. Mense wat dit doen skep met ander woorde 'n nuwe uitleg en betekenis vir 'n beeld wat nie op 'n bekende beginsel in die Bybel, en meer spesifiek die Ou Testament gebaseer is nie. Dit is dus geen wonder nie, dat een bekende skrywer se voorspelling van 'n 1988 'wegraping' (1948 + 40 jaar synde een geslag) onvervuld gebly het, net soos sy daaropvolgende jaartal aanpassings. Die vyeboombeeld in hierdie profesie is bloot gebruik om aan te dui dat daar duidelike en bekende tekens is **wat sy dissipels en andere sou sien en weet wat sou volg**. Ons kan maar net weer eens die belangrikheid van korrekte konteks onderstreep!

Israel word wel in die Bybel met 'n olyfboom vergelyk – kyk bv. Jer. 11:16. Hulle word ook aan 'n wingerd gelyk gestel (Jes. 5:1-7).

## BAIE SPESIFIEKE GESLAG UITGESONDER

### Mattheus 24:34 (Markus 13:30 & Lukas 21:32)

> Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag (*genea*) sal sekerlik nie verbygaan totdat al hierdie dinge gebeur nie.

Alhoewel die Griekse woord *genea* in groter betekenis buigsaam is, vind geleerdes hierdie gedeelte onnodig moeilik om te interpreteer. Behalwe dat die vernietiging van die tempel ŉ duidelike sleutel vir konteks voorsien, word die eenvoudige uitleg deur ŉ aantal verse voor en na hierdie gedeelte in die evangelierekords verklaar en ondersteun.

Dit is tog ironies om te sien hoeveel deegliker ongelowiges of sogenaamde skeptici soms die Bybel bestudeer as Christene. Omdat Jesus se stelling oor 'hierdie geslag' op soveel maniere uitgelê word, en meer spesifiek om die gewilde eindtyddoktrines te pas, het ons in ons eie studies heelwat tyd daaraan bestee. Een van die deeglikste dokumente wat ons verkry het, was ŉ studie deur ŉ skeptikus (ateïs) oor hierdie uitdrukking (en natuurlik met die bedoeling om te bewys hoe verdwaald die Christendom is). In sy artikel haal Mark Smith (2000) 52 Bybelweergawes, 5 leksikons, 25 Bybelwoordeboeke, 6 Bybelensiklopedieë, 16 Bybelkommentare en die geskrifte van 21 akademici/skrywers aan om te wys dat die Griekse woord *genea*, in die konteks van Mattheus 24:34, **die fisiese geslag (generasie) van die apostels** beteken het. Hy bevind dat daar geen gronde is om dit te gebruik in die sin van ŉ ras of volk wat oor baie eeue heen strek soos wat die bekende eindtydleraars dit doen nie. Ongelukkig gebruik mense soos hy dan hierdie insig om te 'bewys' dat die Bybel ŉ boek van mites is aangesien daar nie ŉ fisiese tweede koms van Jesus in daardie geslag was nie.

Die woord *genea* beteken letterlik ŉ **menigte van dieselfde tydperk** (Strong, e-Sword) of **die hele menigte mense wat in dieselfde tydperk leef** (Thayer, 1981:112). Om die woord te probeer voorstel as sou dit 'ras' of 'nasie' beteken soos sommige bekende eindtydleraars dit doen is nie geheel en al verkeerd nie, maar dan moet dit steeds in hierdie konteks verstaan word as mense van die Joodse ras of nasie wat in dieselfde tydperk leef. Om dit as enigiets anders te sien as die geslag wat daardie tyd in die lewe was, is om die gedeelte uit sy konteks te lees.

Die volgende Skrifgedeeltes kom in soortgelyke verband as die Mattheus 24 konteks voor:

- Met die sending van die twaalf na die verlore skape van Israel het Jesus verklaar: "*En wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle,* ***julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie***" (Matt. 10:23; Outeurs se beklemtoning).

- In Mattheus 12:43-45, vertel Jesus aan die godsdienstige leiers dat selfs al sou Hy aan hulle ŉ teken van Sy gesag gee, sal hulle dit in elk geval nie aanvaar nie en maar net op hul ou trant aangaan. Hulle het gemaklik gevoel in hul ou godsdienstige gebruike en sou dus net erger daaraan toe wees as voorheen. Nadat Hy hulle vantevore (vers 39) ŉ slegte en owerspelige geslag genoem het, sluit Jesus af deur pertinent te verklaar (vers 45), "*So sal dit ook wees met hierdie bose geslag.*" **Jesus beskryf daarmee baie duidelik nie die hele Joodse nasie oor alle tye heen nie. Dit bewys net nogmaals dat onakkurate uitleg in een Skrifgedeelte onvermydelik lei tot probleme in ŉ ander gedeelte!**
- Die duidelikste Skrifbewysplaas is ongetwyfeld Mattheus 16:28: "*Voorwaar Ek sê vir julle, **daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak** voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom nie*" (Outeurs se beklemtoning).
- Toe Hy deur die hoëpriester gevra is om vir hulle te sê of Hy die Messias was, het Jesus bloot geantwoord: *"(...) U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: **Van nou af sal u die Seun van die mens sien** sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel*" (Matt. 26:64; outeurs se beklemtoning).

Die Bybelse konsep van ŉ geslag (generasie) word uit die Ou Testament verstaan as 40 jaar (bv. Num. 32:13). Onlangs het sommiges dit egter begin aanpas om 70 of selfs 100 jaar te beteken ten einde bepaalde leringe en verduidelikings van waarom al die 'wegrapingsvoorspellings' onvervuld verbygegaan het te pas.

Daar is maar net een verklaring van waarom so baie sukkel om hierdie Skrifgedeelte te interpreteer en dit is ŉ verwagting **wat nie in die Bybel voorkom nie**, behalwe as mens dit by een of ander teks inforseer. Dit is gewortel in die siening dat Christus weer fisies aan die einde van die wêreld soos ons dit ken sal kom om vir ŉ duisend jaar uit fisiese Jerusalem te regeer.

## NUWE HEMEL EN AARDE

**Mattheus 24:35 (Markus13:31 & Lukas 21:33)**

> Die hemel en die aarde sal verbygaan maar my woorde sal nooit verbygaan nie.

Brown (1853) en ander bekende Bybelgeleerdes het oor die eeue heen daarop gewys dat mense wat bekend is met die Ou Testamentiese uitdrukkings, sal verstaan dat die ontbinding van die Mosaïese en vestiging van die nuwe bedeling, in die Hebreeuse denke beskou is as die verwydering van die ou hemel en aarde, en skepping van die nuwe. Lightfoot (1859) het beklemtoon dat **die vernietiging van Jerusalem dikwels in die Skrifte uitgedruk is asof dit die vernietiging van die hele wêreld verteenwoordig het**. U moet ook altyd onthou dat Jerusalem in die Hebreeuse denke as die middelpunt van die wêreld beskou is.

Bray (2008:153) som dan op dat die Joodse tydperk finaal ten einde geloop het met die vernietiging van die stad en sy tempel. Die hele Joodse regering, staatsbestel, heerskappy, priesterskap, rituele en brandoffers het, by wyse van spreke, verduister en uit die hemel geval, terwyl die Seun van die mens gesien is waar hy sit aan die regterhand van God, en kom op die wolke van heerlikheid (*glory*).

Die tydraamwerk is in alle gevalle dieselfde – dit het alles in daardie geslag se leeftyd gebeur. Die Messiaanse heerskappy het “dadelik na die verdrukking van daardie dae” gevolg (Matt. 24:29).

’n Mens sien dus die dispensasie wat ingelui is met die kruisiging van Jesus die Christus, sy opname in die hemel, en wat gevestig is na die vernietiging van Jerusalem en die Tempel in 70 n.C., is dit wat in Hebreeuse kulturele konteks as die vestiging van die nuwe hemel en aarde verstaan is. Dat dit nie veel wyer in die Joodse omgewing erken word nie is natuurlik te wyte aan hul weerstand teen die erkenning van Jesus van Nasaret as die profetiese Messias. (In ons hedendaagse gemeenskap heers daar insgelyks verwarring omdat die moderne mens se begrip en verwagting van die messiaanse heerskappy as’t ware soos die Jode s’n, een van ’n fisiese koninkryk op aarde is).

In Deut. 32:10-11 het Moses Israel se redding in die wildernis beskryf in die beeld van God se Gees wat oor ’n woesteny sweef, net soos die oorspronklike skeppingsbeskrywing. Dit is duidelik dat God sy ver-

bond met Israel van meet af aan as ’n nuwe skepping uitgedruk het. Nou het God dieselfde gedoen met Sy Nuwe Verbond.

Eindtydleraars haal al te maklik die Skrifte uit hul werklike kontekste uit, die tydkonteks inkluis, en verplaas dit na ’n tyd duisende jare die toekoms in. Dit rym eenvoudig nie met wat Petrus byvoorbeeld geskryf het nie! Hy was baie spesifiek daaroor dat hy geskryf het oor dinge wat reeds besig was om te gebeur (2 Pet. 3:10-13):

> Maar die dag van die Here sal kom soos ’n dief in die nag waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle [**NB – die lesers van sy tyd**] nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle [NB] wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele met vuur sal vergaan, en die elemente sal brand en versmelt. Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en ’n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.

Petrus het geskryf dat die ‘hemele en aarde’ sou vergaan – die Ou Verbondstelsel met al sy verpligte rituele en offerandes, en dat dit daardie tyd al besig was om te gebeur. Net soos die ou profete wend hy bekende beelde aan om hierdie bedeling se einde mee te beklemtoon. Tog word vandag nog talle welmenende individue en groepe aangetref wat in alle opregtheid probeer om die Ou Verbondsrituele en praktyke wat Jesus aan die kruis voltooi (volbring) het, te laat herleef.

Dit is belangrik om daarop ag te slaan dat Petrus deurlopend sy lesers se aandag vestig op gebeure wat reeds besig was om te gebeur, en nie op gebeure wat duisende jare hul toekoms in sou gebeur nie. Die einde van ‘al hierdie dinge’ het, in korrekte konteks, in die apostel se tyd plaasgevind: die einde van die tempel, van die Levitiese priesterdom, die hele Joodse staatsbestel of -stelsel. Let ook op die geestelike beelde van die hemelse elemente. Die Hebreeuse konsep van die laaste dae het met die einde van daardie era, van die Mosaïese dispensasie aangebreek. Dit is duidelik in die brief aan die Hebreërs beskryf (9:26): *“(...) Maar nou het Hy eenmaal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde te vernietig deur sy offer*.”

Paulus het ’n soortgelyke siening uitgespreek toe hy aan die Korintiërs geskryf het dat hulle die geslag was op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:11): “*Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as*

*voorbeelde, en* ***is opgeskrywe as ’n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het***.”

## ONVERWAGTE AANKOMS

### Mattheus 24:36-39; 42-44 (Markus 13:32-37 & Lukas 17:26-27; 12:39-40)

> Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook wees die koms [*parousia*] van die Seun van die mens. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook wees die koms [*parousia*] van die Seun van die mens.
>
> Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. Maar weet dit: As die huisheer wis in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom in ’n uur dat julle dit nie verwag nie.

Hierdie gedeeltes bring twee uiters belangrike boodskappe; die dringendheid van die saak en die feit dat hulle nie die presiese tyd geweet het of kon weet nie. Die implikasie was reeds duidelik daar dat hulle, die dissipels/apostels en hul geslag, ten alle tye gereed moes wees. In Noag se dae was daar baie waarskuwing, maar die mense het onvoorbereid gebly totdat dit te laat was. Hulle is onverhoeds betrap deur die vloed se skielike koms en hulle het weggesterwe. En, soos Gill (e-Sword) beklemtoon, **net so sou die koms van die Seun van die mens wees om op die Jode van daardie geslag wraak te neem hoewel hulle vooraf deur Christus en sy apostels gewaarsku is**. Hul vernietiging sou ewe omvangryk wees; almal sou betrokke wees behalwe die klein groepie wat vooraf gelei is om die stad Jerusalem te verlaat en na Pella te vlug, op soortgelyke wyse as wat Noag en sy gesin gered is omdat hulle buite gevaar in die ark was.

## AGTERGELAAT

### Mattheus 24:40 & 41 (Lukas 17:34-36)

> Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat.

Ons het nou by die laaste twee gedeeltes van die profesie self gekom, want dit wat volg is die Here se beklemtoning van die wysheid wat daarin is om voorbereid en gereed te wees. Hierdie twee verse maak die welbekende '*left behind*' Skrifbasis van 'n bekende boeke en filmreeks uit waarin die wegrapingteologie of -doktrine bevorder word. As ons (die outeurs) terugdink hoe gemaklik ons self hierdie films geniet en die leer geglo het wat so effektief daarin as die waarheid oorgedra is, besef ons opnuut hoe gevaarlik ons gebrek aan ware Bybelkennis was ten spyte van ons uitgebreide kennis van soveel 'Bybelse lering' en gepaardgaande akademiese studies.

Maar illustreer Mattheus 24:40 & 41 nie 'n wegraping van sommige terwyl sommige agtergelaat word nie? Baie van ons het die films gesien waarin twee mense bymekaar staan. Dan is daar skielik 'n lig en een verdwyn in 'n oogwink, met sy/haar klere netjies in 'n hopie opgevou.

Niemand kan ontken dat die '*Left Behind*' reeks van boeke en films 'n groot deel van die Christenomgewing oorweldig het nie. Die konsep van verlating wat Jesus gebruik het, het 'n geheel en al ander betekenis gehad. In die kulture gedurende die Bybelse tye, en tydens vervolging en oorlog, het die oorwinnende mag die sterkes en jonges gevange geneem, terwyl die oues en swakkes agtergelaat is. Twee het in die veld gewerk – een ouer man en 'n jonger een. Die invallende mag neem die jongman as slaaf en los die ou man. Die Babiloniese ballingskap is een voorbeeld. Historiese rekords toon ook die realiteit van hoe baie jong mense gedurende die 70 n.C. vernietiging van Jerusalem as slawe gevange geneem is, terwyl die oues en swakkes doodgemaak is.

'n Eenvoudige werklikheid van daardie tye is deur moderne eindtydleraars en skrywers geneem en verander na hoogs vergeestelikte fiksie wat as Bybelse waarheid aangebied is! Dit mag fiksie wees, maar volgens eerwaarde Jerry Falwell het geen boek naas die Bybel so 'n reuse impak op die Christendom gehad, as *Left Behind*, die eerste boek in Tim LaHaye en Jeremy Jenkins se reeks nie (Wikipedia, 2013). Alhoewel hy

in ’n ander konteks gepraat het, slaan die **beginsel** in Hosea 4:6 steeds deur: “*My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie (...).*”

Hierop kan ons maar net toevoeg: Behalwe vir God se genade, wat na die hart kyk, daar gaan elkeen van ons!

# SLOTBESKOUING

## DIE NUWE JERUSALEM

Hoewel Jesus se eindtydprofesie in Mattheus 24, Markus 13 en Lukas 21 nie die konsep van ŉ Nuwe (hemelse) Jerusalem aanspreek nie, maak dit tog ŉ integrale deel van die Bybelse eskatologie of eindtydteologie uit. Omdat ons ŉ aantal eienskappe van die stad van Jerusalem in Jesus se tyd beskryf het, voel ons dit is nodig om hierdie konsep ook hier aan te raak. Dit is immers een wat baie mense deur die eeue heen geboei het.

Die gedagte word weliswaar op verskeie plekke in die Bybel aangetref, maar dit is die Openbaring 21 en 22 beelde wat die belangstelling aangegryp het – waarskynlik aangevuur deur die gewilde moderne eindtydboeke en films, skilderye, en natuurlik prediking in ons kerke. Soos wat maar verwag kan word in die lig van die wye verskeidenheid van eindtyddoktrine wat in die Christenomgewing aangetref word, is daar vele meningsverskille – selfs die afmetings wat in Openbaring 21:16 gegee word, het tot verskillende menings en filosofiese voorstellings gelei. Sommiges sien dit as ŉ kubus (simbool van volmaaktheid), terwyl andere weer daarop wys dat dit ook ŉ piramide kan wees. Talle wag gretig vir die dag waarop die nuwe, fisiese heilige stad van God af uit die hemel neerdaal (en volgens sommiges, om in die lug bokant die aardse Jerusalem te hang).

In haar gesprek met Jesus by die put, het die Samaritaanse vrou opgemerk dat hulle volgens die Jode na Jerusalem toe moet gaan om te aanbid. Sy het Jakob hul vader genoem (met ander woorde hul direkte voorvader). Jesus het geantwoord **dat daar ŉ dag sou kom (en volgens Hom toe reeds was) wanneer ware aanbidders nie meer na (fisiese) Jerusalem toe sou gaan nie, maar die Vader in gees en waarheid sou aanbid**. Dit was sulke mense wat die Vader verlang het om Hom te aanbid (Joh. 4:19-24). Ons twyfel nie dat mens hier ŉ beskrywing van die Nuwe Jerusalem het nie:

- Dit is tog die Nuwe Testamentiese plek van God se teenwoordigheid!
- Daar is nie ŉ tempel nie, want God en die Lam is die Heiligdom ("*En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam*." – Openb. 21:22)!
- Mens tref dit oral aan waar gelowiges in gees en waarheid aanbid, want dit is wat die Vader verlang!
- Gelowiges hoef nie na aardse Jerusalem toe op te gaan soos wat gedurende die Mosaïese era vereis was nie. Hulle kan inteendeel nie, want God het die tempel van godsdienstigheid voor Sy oë weggevat!

Die ou (fisiese) Jerusalem is in 70 n.C. deur die Romeinse magte vernietig. Inwoners van die stad het ŉ verdrukking beleef soos wat daar nie tevore was nie en ook nie weer sou wees nie (Matt. 24:21). Enigeen wat steeds nie die waarheid van hierdie stelling glo nie moet gerus Josephus se rekord van die gebeure lees. Die tempel en Jerusalem is in puin gelaat. God het met ander woorde die ou heilige stad en tempel, wat lank tevore reeds hul plek as simbool en sentrum van God se teenwoordigheid onder die mensdom verbeur het, voor sy aangesig weggevat soos dit deur Sy Seun geprofeteer was. Die hemelse Jerusalem is oral daar waar gelowiges in gees en waarheid aanbid, en dit sal nie eendag wees nie, dit is reeds nou so volgens Jesus se uitspraak aan die Samaritaanse vrou (Joh. 4:23).

**Die hemelse Jerusalem is oral waar gelowiges die Vader in gees en waarheid aanbid.**

Paulus het die fisiese Jerusalem van sy tyd ŉ stad van slawerny genoem: "*Want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenwoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny. Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal*" (Gal. 4:25, 26; outeurs se beklemtoning). Kan dit dan enigsins ŉ verrassing wees dat die aardse Jerusalem, wat **nie meer die heilige stad van ouds is en nooit weer sal wees nie**, ŉ stad is wat tussen drie godsdienste verdeel is en dat die tempelberg vandag die kinders van Hagar huisves? Dit het tyd geword dat Christene wat pelgrimstogte na ŉ sogenaamde heilige stad wat nie meer is nie toe lei, mooi oordink wat hulle besig is om te doen. Daardeur impliseer ons nie dat hulle nie Jerusalem moet besoek nie, maar slegs dat hulle dit in die ware perspektief moet plaas.

In sy verwysing na die Jerusalem daarbo het Paulus die lang aanvaarde rabbynse begrip gebruik van ŉ hemelse stad wat die oorspronklike model van die fisiese een was. Dit het ŉ geestelike stad beskryf, een wat vry en onafhanklik van die Mosaïese wet was. En in hierdie stad waarby die lesers/gehoor volgens die skrywer van die Hebreërsbrief reeds gekom het, beskryf hy (Heb. 12:22-24). die teenwoordigheid van:

- Tienduisende engele;
- die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemel opgeskrywe is;
- God, die Regter van almal;
- die geeste van die volmaakte regverdiges;
- (Jesus (Middelaar van ŉ nuwe verbond/testament – Heb. 9:15); en
- die bloed van besprenkeling (van die Lam) – (Heb. 9:11-14).

Daar is geen verduideliking nodig van die teenwoordigheid van engele, God en Jesus nie.

> Maar Christus wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomende weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie deur die bloed van bokke en kalwers nie, **maar deur sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige versoening teweeg gebring** (Heb. 9:11-12; Outeurs se beklemtoning).

Die Lam se bloed van besprenkeling in die allerheiligste **het eenmaal plaasgevind en 'n ewige versoening (vir almal) teweeg gebring**.

Die gemeente van die eersgeborenes (of eersverwektes) is ook ŉ konsep waaroor geleerdes heelwat verskil. Ons, die skrywers, verstaan dat dit die geeste is van die afgestorwenes van Israel wat onder die Ou Verbond in *Sheol* (Heb.)/*hades* (Gk) op die Messias se koms gewag het. Hulle is uit *Sheol*/*Hades* opgewek na die opstanding van Christus Jesus, wat as die Eersgeborene uit die dode beskryf word (Kol. 1:18). **Dit is dan ook die opstanding waarvan die Bybel praat.**

Op grond van 1 Petrus 3:19, kan die geeste van die volmaakte regverdiges verstaan word as die geeste van regverdige mense anders as Israeliete deur die eeue. Onder die Nuwe Verbond was daar nie meer ŉ

onderskeid of differensiëring tussen Israel as God se uitverkore volk en ander nasies nie. Die see, wat die simbool was van die nasies en hul onderskeid van die 'heilige volk' het nie meer bestaan nie (Openb. 21:1; 2 Kor. 5:17). Dit gaan nie oor 'n verdwyning van die fisiese oseane nie.

Die skrywer aan die Hebreërs (12:22), die fisiologiese afstammelinge van Abraham, laat geen twyfel daaroor nie dat sy lesers moet weet hulle **het** by die Nuwe (hemelse, geestelike) Jerusalem **aangekom** waarvan Jesaja lank tevore reeds geprofeteer het (65:18,19).

> Maar **julle het gekom** by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem (…)"
>
> (…) **you have come** to Mount Zion, to the city of the living God (the heavenly Jerusalem) (…) (HCSB).
>
> But **you have drawn near** Zion Mount, and a city God of (the) living. Jerusalem to a heavenly (…) (The Interlinear Bible).
>
> But **ye are come** unto mount Siyon, and unto the city of the living Elohim, the Yeru Shalem of the heavenlies (Exegeses Ready Research Bible).
>
> (…) **you have come** to Mount Tziyon, that is, the city of the living God, heavenly Yerushalayim (…) (The Complete Jewish Bible).
>
> In Hebreërs 4:14-16 verklaar die skrywer dat:
>
> Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede kan medelyde hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. (Outeurs se beklemtonings).

Dit is nie vir mens nodig om soos baie dit doen, verse aan mekaar te ryg om 'n voorafbepaalde gevolgtrekking te 'bewys' nie. As Hebreërs 4:14-16 en 12:22 as Bybelse waarheid beskou word, laat dit ook geen twyfel oor die vervulling van Openbaring 15:8 en 21 & 22 nie. Sou hierdie siening as valse lering verwerp word, verklaar dit inderwaarheid dat die brief aan die Hebreërs nooit deel van die kanon van ons Bybel moes wees nie, aangesien dit dan baie belangrike valse stellings bevat.

> En die tempel het vol rook geword uit die heerlikheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel totdat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie (Openb. 15:8).

Ons lees in Openbaring 21:22 dat Johannes nie ŉ tempel in die nuwe Jerusalem gesien het nie, "*(...) want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam.*" As Openbaring 15:8 steeds op vervulling wag beteken dit dat niemand tans toegang tot God het nie! Op sy beurt weerspreek dit dan weer Hebreërs 4:16 wat verklaar dat ons met vrymoedigheid na die troon van genade kan gaan.

Dit is ontnugterend om te vind en besef dat Bybelgeleerdes deur verskeie eeue heen hul lesers gevra het om terug te keer na die eenvoudige en akkurate kontekstuele waarheid in die Skrif en om dit dienooreenkomstig te verstaan. Hoe jammer dat hulle beroepe soveel op dowe ore geval het. Soveel leraars, skrywers en predikers het verkies (of is gemanipuleer) om die tradisies van mense en denominasies se sinodes na te volg. Instede daarvan om die realiteit van die Christus se teenwoordigheid onder ons aan die wêreld te manifesteer, verkondig baniere dat Jesus gou kom van kerkomheinings af aan die wêreld! Die geskrifte van daardie moedige teoloë soos John Lightfoot (1602-1675), Alexander Brown (1800s), Moses Stuart (1780-1852), Samuel Lee (1783-1852), Ephraim Currier (1800s), N. Nisbett (17-1800s), Milton Terry (1849-1914) en Philip Mauro (1859-1952), om maar net enkeles te noem, is ooglopend afwesig in die materiaal van hedendaagse Bybelskole, terwyl die gewilde bedenklike doktrines stewig daarin vasgemaak is. Ons het persoonlike ondervinding van een groot netwerk van Bybelskole in Suid-Afrika wat nie toelaat dat studente in hul werkopdragte enige vorm van verstaan of argumente insluit wat van die voorgeskrewe materiaal verskil nie. As hulle dit waag word punte daarvoor afgetrek.

Ons kan goed begryp dat die vraag sal volg: As die Nuwe Jerusalem van die Openbaring dan reeds hier is soos julle dit het, waarom is die wêreld dan in die toestand waarin dit is? Mens kry die antwoord uit beide die Ou en Nuwe Testament. Die moderne mensdom is net soos Israel van ouds ŉ hardnekkige wese. Ten spyte van hul plek as God se uitverkore volk het Israel konstant gedoen wat verkeerd was in God se oë gedurende die Mosaïese Verbondstyd. Die opgetekende geskiedenis is beskikbaar vir enigeen om te lees. Kyk gerus byvoorbeeld hoeveel keer daar in die Boek van die Rigters geskryf is dat die kinders van Israel gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here. In die Nuwe Testamentrekord vind

ons dat Yeshua MiNatzaret (Jesus van Nasaret) die godsdienstige leiers skerp aangespreek het omdat hulle God se woord tot niet gemaak het deur hul tradisies. Christenleiers het deur die eeue heen sedert Christus daarmee voortgegaan. Met hul mensgemaakte tradisies het hulle God se Woord van sy krag beroof en die moderne institusionele kerk het grootliks sy stem in die wêreld verloor.

Jakobus som dit eenvoudig en kortliks vir ons op: "*(...) want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade*" (Jak. 3:16).

## SLOTOPMERKINGS

Om ons beskouing van Jesus se eindtydprofesie af te sluit wil ons graag ŉ paar standpunte wat ons ingeneem het terwyl ons deur die betrokke Skrifgedeeltes gewerk het beklemtoon:

Die leser moet hom/haar vergewis van die korrekte konteks wat gewortel en gegrond is in die verstaan van die mense in wie se kultuurkonteks die Skrifte geskryf is. Verkeerde konteks forseer onvermydelik verkeerde uitleg in die teks in. Ongelukkig is die Bybelse konteks al te dikwels in vorige eeue herdefinieer na iets ver verwyderd van die oorspronklike plek en betekenis daarvan. Moderne elektroniese media het die verkondiging van valshede beklee in Bybelse terminologie in plaas van Bybelse waarheid aansienlik vergroot. Ons voeg hier graag by dat halwe waarhede net so gevaarlik is as volslae onwaarhede, indien nie gevaarliker nie.

**Halwe waarhede is net so gevaarlik, of selfs gevaarliker, as volslae onwaarhede.**

Die konteks van Jesus se profesie wat hy op die Olyfberg aan Sy dissipels gegee het, was **die land van Judea, die stad van Jerusalem, die tempel en hul geslag**. Verwysings na die 'wêreld' het in die konteks gestaan van die bekende, bewoonde wêreld, die Romeinse Ryk, waarvoor ons nie slegs interpretasie uit woordstudies gegee het nie, maar ook ondersteuning uit ander Skrifgedeeltes. Dit was nie ŉ profesie aan mense en stede talle eeue in hul toekoms in en op verskillende kontinente nie. Enige konsep van toekoms in die profesie het na hul toekoms verwys. Sommige van hulle sou nog leef om vervulling van die profesie te aanskou (bv. Matt. 16:28).

Hebreeuse begrip deur die eeue heen het die eindtyd immer as verwysende na die messiaanse era verstaan. Daar is vir ons geen regverdi-

ging om die konsep te herdefinieer nie, maar ons moet werklik poog om die teks dienooreenkomstig hul kultuurbegrip te verstaan.

Die vernietiging van die Mosaïese dispensasie of bedeling is beskou as die vernietiging van die hemele en die aarde, terwyl die Nuwe Verbondsbedeling as die Nuwe Hemel en Aarde van profesie verstaan is. Lesers moet ook die duidelikheid hê dat die vernietiging van Jerusalem opsigself nie die *parousia* van Christus was nie, want die teks verklaar dit sou manifesteer "(…) dadelik na die verdrukking van daardie dae (…)" Gould (1896) maak die opmerking dat die val van Jerusalem 'n voorbereiding vir die *parousia* was. Dit het die voleinding van die ou orde aangekondig wat die begin van die nuwe moes voorafgaan. **Die *parousia* is sedertdien nog altyd met die mensdom:**

> Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van die mens, en Hy het gekom by die Oue van dae, en hulle het Hom nadergebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie (Dan. 7:13-14; Outeurs se beklemtoning).

U mag vra: Waar laat dit ons vandag? Die antwoord is eenvoudig: ons het nodig om na Jesus se woorde te luister en die tradisies van mense wat in valsheid of 'n vergange verbondsbedeling gewortel is af te gooi. Aan ons is die beginsels van die koninkryk van God in die Skrif gegee en dit is wat ons moet leef. Milton Terry (1883) het beklemtoon dat daar in die grammaties-historiese uitleg van die Skrif aanvaar moet word dat woorde en sinne in een en dieselfde konteks slegs een betekenis kan hê. Die oomblik wat ons dit nalaat dryf ons weg in 'n see van onsekerheid en gissings. Bernard Ramm het bygevoeg dat interpretasie (of betekenis binne konteks) een saak is, maar daar mag baie toepassings wees. Daar kan nie hiermee fout gevind word nie. Nogtans kan mens maar net om ons heen kyk om te sien hoe hierdie eenvoudige beginsel geskend word, deur onder meer toekomstige betekenisse aan die historiese betekenis van tekste te heg (Thomas, 2001:33-47).

Ons het begrip daarvoor dat die volgende stellings kontroversieel sal wees en ons kan niemand verkwalik nie. Tog neem ons die vrymoedigheid om te vra dat u, die leser, dit rustig en aan die hand van die Skrif sal weeg. Ons almal se begrip is soveel besoedel deur jare se verkeerde le-

ring en prediking, dat ons dikwels vanuit ons menswees aandring op profetiese vervullings wat geestelike utopieë meebring teenoor die beëindiging van die ou verbonds- of Mosaïese bedeling en aanbreek van die nuwe, messiaanse bedeling wat dit in werklikheid beskryf. In plaas daarvan om slawe van godsdienstige rituele en praktyke te wees wat mense in elk geval nooit kon hou nie, asook ŉ bedeling waarin een nasie van die res afgeskei is, het ons ŉ bedeling ontvang waarin God die Vader van al die nasies is:

> (…) een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal wat oor almal en deur almal en in julle almal is (Ef. 4:5-6).

**Die koninkryk van God word oral aangetref waar Sy krag en ŉ wet wat op die harte van mense geskryf is, sigbaar in Sy kinders manifesteer**. Hierdie wet is so mooi beskryf in die bergpredikasie wat vir ons in Mattheus 5 – 7 opgeteken is.

Toe Hy deur ŉ Skrifgeleerde gevra is wat die groot gebod in die wet is, het Jesus geantwoord, "*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die twede* [1933 spelling] *wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete*" (Matt. 22:36-40). In Johannes 13:34 het Jesus die tweede gebod egter na ŉ veel hoër vlak toe geneem met die woorde, "*'n Nuwe gebod gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle mekaar ook liefhê*." Dit is die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde van die profesieë, en nie ŉ plek waar mense in wit klere langs ŉ rustige waterpoel sit en op die harp speel soos sommige prente en multimedia die mens se begrip mee besoedel het nie. Dit word glad nie in ŉ neerhalende gees gesê nie. Ons, die skrywers, was daar!

Die verantwoordelikheid vir wat as die waarheid aanvaar word rus vierkant op elke individu se skouers. Ons het die 'wat' en 'waarom' van ons verstaan van die eindtydprofesie met u gedeel en beklemtoon net dat ons begrip aan die Bybel getoets moet word en nie die Bybel aan hoe ons dit verstaan nie.

> En toe Moses die woorde van hierdie wet klaar in ŉ boek geskryf het tot die end toe, het Moses aan die Leviete wat die verbondsark van die Here gedra het, bevel gegee en gesê; Neem hierdie wetboek en sit dit neer aan die kant van die verbondsark van die Here julle God dat dit daar as getuie teen jou

kan wees. Want ek ken jou wederstrewigheid en jou hardnekkigheid. As julle terwyl ek nog vandag by julle lewe, wederstrewig was teen die Here – hoeveel te meer dan na my dood! Laat al die oudstes van julle stamme en julle opsigters by my vergader, dat ek voor hulle ore hierdie woorde kan spreek, en teen hulle die hemel en die aarde as getuie kan neem. Want ek weet dat julle na my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, **sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die Here** om Hom deur die werk van julle hande te terg (Deut. 31:24-29; outeurs se beklemtoning).

Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie, Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo (Joh. 1:11,12).

# BRONNELYS

Abarim Publications. *Meaning and etymology of the name Jerusalem*. www.abarim-publications.com/Meaning/Jerusalem.html. Afgelaai op 17 Des. 2013.

Barnes, A. *Albert Barnes' Notes On The Bible*. e-Sword, Version 10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

Bible History Online. 2013. *Rebuilding The Second Temple: The Construction Of Herod's Temple*. http://www.bible-history.com/jewishtemple/JEWISH_TEMPLEHerods_Temple00000006.htm.

Bivin, D. & Blizzard, R, Jr. revised ed. 1994. *Understanding The Difficult Words Of Jesus: New Insights From A Hebraic Perspective*. Shippensburg: Dayton, Ohio.

Bray, J.L. (5th ed.). 2002. *Matthew 24 Fulfilled*. Powder Springs, Georgia: American Vision Press.

Brown, A. (2nd ed. Enlarged) 1894. *Great Day Of The Lord: A Survey of New Testament teaching on Christ's coming in His Kingdom, the Resurrection, and the Judgement of the Living and the Dead*. London: Elliot Stock. Digital version by Google Books.

Chabad.org. *Bring Moschiach Now*. www.chabad.org/therebbe/livingtorah/player-cdo/aid/462832/jewish/Bring-Moschiach-Now.htm.

Chilton, D. 1987. *The Great Tribulation*. Ft. Worth. Texas: Dominion Press.

Churton, R. 1785. *Eight Sermons On The Prophecies Respecting The Destruction Of Jerusalem*. http://www.preteristarchive.com/Bibliography/Lectures/Bampton/1785_churton_bampton.html.

Dubov, N.D. 2009. *What Is The Jewish Belief About Moshiach*. Chabad-Lubavitch Media Center. www.chabad.org/library/article_cdo/print/true/aid/332569/j.

Edersheim, A. 1947. *The Life And Times Of Jesus The Messiah*. Vol.2. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Fenemore, M.A. 2010. Matthew 24: *Is Double Fulfillment Possible?* www.Preterism.info.

Gill, John. *Exposition Of The Entire Bible*. e-Sword, Version 10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

Gould, E. 1896. *Commentary On Mark*. www.preteristarchive.com/StudyArchive/g/gould-ezra.html.

Jewish Encyclopedia. 2002-2011. *Synagogue.* Jewish Encyclopedia.com (conceived, created and funded by the Kopelman Foundation. www.jewishencyclopedia.com/articles/14160-synagogue).

Johnson, B. 1891. *The Peoples' New Testament Commentary*. e-Sword, Version 10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

Josephus, Flavius. 1998. *Josephus: The Complete Works*. Whiston, W (Translator). Nashville: Thomas Nelson.

Lawrence, N'Tan. Hoshana Rabbah Messianic Congregation. *Hebrew Thought Compared With Greek (Western) Thought*. www.hoshanarabbah.org/pdfs/heb_grk.pdf. Retrieved 2013.

Lindsey, R.L. 1987-2004. *The Kingdom Of God: God's Power Among Believers*. Jerusalem Perspective. www.jerusalemperspective.com/articles/DisplayArticle.asp?ID=1440.

McClaflin, M. 1992. *Life Of Christ. An Independent-Study Textbook*. Colombia: ICI University.

Missler, Chuck. 1996. *The Unexpected King (A precise Mathematical Prediction)*. An article/extract from his book, The Creator Beyond Time And Space. Coeur d'Alene: Koinonia House Inc. www.direct.ca/trinity/king.html.

Mounce, W.D. (General Ed.). 2006. *Mounce's Complete Expository Dictionary Of Old And New Testament Words*. Grand Rapids: Zondervan.

Need, O, Jr. *Matthew 24, Facts And Fiction*. http://www.preteristarchive.com/Books/2000_need_matthew-24_facts-fiction.html.

New Advent.org. 2009. *The last siege of the Jews after Christ*. Church History (Eusebius), Book III. http://www.newadvent.org/fathers/250103.htm.

Newton, Thomas. 1754. *Dissertations On The Prophecies Which Have Remarkably Been Fulfilled*. Dissertation. www.preteristarchive.com/Books/pdf/1754_newton_matthew_24.pdf.

Peleia, A. *The Great Revolt and the Destruction of the Second Temple*. About.com.Judaism. http://judaism.about.com/od/jewishhistory/a/greatrevolt.htm. Afgelaai 8 Des. 2013.

Reed, D. 2012. *Who Were The Religious Leaders Of Jesus' Day?* The Thorncrown Journal. Thorncrown Chapel. www.thorncrownjournal.com/timeofchrist/religiousleaders.html.

Robertson. *Robertson's Word Pictures*. e-Sword, Version 10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

Robinson, Lisa. 2009. *A Theology Of Indifference*. Credo House Ministries. www.reclaimingthemind.org/blog/2009/01/a-theology-of-indifference/. 4 Januarie.

Schoenberg, S. 2013. *The Sanhedrin*. Jewish Virtual Library. The American-Israeli Cooperative Enterprise. www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Judaism/Sanhedrin.html.

Scott, J.J. 1998. *Did Jerusalem Christans Flee To Pella?* Archaeology Conference, Wheaton College, Wheaton, IL (1998). www.preteristarchice.com/Bibliography/1998_scott_flee-pella.html.

Terry, Milton. 1883. *Biblical Hermeneutics: A Treatise On The Interpretation Of The Old And New Testaments*. New York: Phillips & Hunt.

Thayer, J.H. 1981. *The New Thayer's Greek-English Lexicon Of The New Testament.* Copyright Jay P. Green, Sr. Peabody, Massachusetts: Hendrickson.

Thomas, R.L. 2001. *The Principle of Single Meaning*. The Master's Seminary Journal. Spring :33-47. www.scribd.com/doc/3249615/The-Principle-of-Single-Meaning.

Vincent. *Vincent's Word Studies*. e-Sword, Version 10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

Viola, F A. 1998. *The Eternal Purpose Of God*. www.home-church.org/present/purpose.htm.

Wikipedia, The Free Encyclopedia. 2012. *History of Jerusalem*. http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Jerusalem. 31 December.

Wikipedia, The Free Encyclopedia. 2013. *Left Behind*. http://en.wikipedia.org/wiki/Left_Behind. Afgelaai 22 Oktober 2013.

Wikipedia. The Free Encyclopedia. 2013. *Temple In Jerusalem*. http://en.wikipedia.org/wiki/Temple_in_Jerusalem.

Whiston, W (Translator). 1998. *Josephus: The Complete Works*. Nashville: Thomas Nelson.

Wood, D.R.W. (Revision Editor). 1996. 3rd ed. New Bible Dictionary. Leicester, England: Inter-varsity Press.

**Bybelweergawes**

Ons gee met dankbaarheid erkenning aan die kopiéreghouers van die volgende weergawes van die Bybel en beklemtoon dat aanhalings daaruit met die verklaarde toestemming gemaak is:

*Die Bybel*. 1933. Groentemarkplein, Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Green, J.P., Sr. General Editor and Translator. 1986. (2nd. Ed.). *The Interlinear Bible: Hebrew-Greek-English*. Hendrickson Publishers.

HCSB. 2006. *The Holman Christian Standard Bible*. Nashville, Tennessee: Holman Bible Publishers.

Jahn, H. 1993. *Exegeses Ready Research Bible*. Iowa Falls: World Bible Publishers.

KJV. Second South African Edition 1962. *The Holy Bible: King James Version 1611*. Roggebaai, Cape Town: Bible Society of South Africa.

Stern, D.H. 1998. *The Complete Jewish Bible*. Clarksville, Maryland: Jewish New Testament Publications Inc.

# AANBEVOLE BRONNE

Omdat ons boek geskryf is met ŉ voorafbepaalde beperkte omvang in gedagte ten einde daardie lesersgroep wat nie deur dik akademiese boeke van honderde bladsye wil worstel nie te bedien, gee ons hierdie aanbevole bronnelys vir diegene wat wel dieper wil grawe, selfs al is dit om ons sienings verder te toets. Ons beklemtoon maar net weer die beginsel dat u in die proses die outeurs se sienings en begrippe aan die Bybel moet toets en nie andersom nie. Ons stem ook nie noodwendig met alles saam wat hulle geskryf het nie, maar pas dieselfde beginsel op hul werk toe. Dit is belangrik om te besef dat die meeste van hierdie bronne uit vorige eeue kom.


Bray, J.L. (5th ed.). 2002. *Matthew 24 Fulfilled*. Powder Springs, Georgia: American Vision Press.

Brown, A. (2nd ed. Enlarged) 1894. *Great Day Of The Lord: A Survey of New Testament teaching on Christ's coming in His Kingdom, the Resurrection, and the Judgement of the Living and the Dead*. London: Elliot Stock. Digital version by Google Books.

Chilton, D. 1987. *The Great Tribulation*. Ft. Wort,. Texas: Dominion Press.

Churton, R. 1785. *Eight Sermons On The Prophecies Respecting The Destruction Of Jerusalem*. http://www.preteristarchive.com/Bibliography/Lectures/Bampton/1785_churton_bampton.html.

Currier, E. 1841. *The Second Coming Of Christ, And The Resurrection*. Skowhegan: Littlefield. Google digitized Books. Skowhegan: Littlefield. Google digitized Books.

Du Plessis, Frans. *Dating The Book Of Revelation,* Dit is 'n gratis e-boek wat u kan aflaai by http://thekingdomplatform.com/author1_book7.html].

Josephus, Flavius. 1998. *Josephus: The Complete Works*. Whiston, W (Translator). Nashville: Thomas Nelson.

Lee, S. 1849. *An Inquiry Into The Nature, Progress And End Of Prophecy. Three books*. www.preteristarchive.com/Books/1849_lee_inquiry.html.

Newton, Thomas. 1754. *Dissertations On The Prophecies Which Have Remarkably Been Fulfilled*. www.preteristarchive.com/Books/pdf/1754_newton_matthew_24.pdf.

Nisbett, N. 1802. *The Triumphs of Christianity Over Infidelity Displayed, or The Coming Of The Messiah, The True Key To The Right Understanding Of The Most Difficult Passages In The New Testament*. http://www.preteristarchive.com/Books/1802_nisbett_triumphs.html.

Terry, Milton. 1883. *Biblical Hermeneutics: A Treatise On The Interpretation Of The Old And New Testaments*. New York: Phillips & Hunt.

Thomas, R.L. 2001. *The Principle of Single Meaning*. The Master's Seminary Journal. Spring :33-47. www.scribd.com/doc/3249615/The-Principle-of-Single-Meaning.

U kan nog vele bronne by http://www.preteristarchive.com/Preterism/index.html vind. Daar is vertalings van bronne tot so ver terug as die eerste eeu op hierdie webwerf beskikbaar.

# DIE SKRYWERS



Gerrie and Martie Malan is in 1970 getroud. Hy het kort daarna in ŉ nuwe loopbaan by die Suid-Afrikaanse Korrektiewe Dienste ingestap en het vir 25 daar gedien. Hulle is dikwels verplaas en het ook vir ŉ tydperk van agt jaar, jaarliks twee keer tussen Pretoria en Kaapstad verhuis toe Gerrie deel van Korrektiewe Dienste se parlementêre personeel was. Hoewel Martie gedurende daardie jare vir kort tydperke kon werk, het sy haar meestal in die posisie van tuisteskepper bevind, en hul drie kinders grootgemaak onder dikwels moeilike omstandighede.

Nadat hy in 1995 weens uitbranding op pensioen vrygestel is, het Gerrie ŉ lektor in Korrektiewedienstebestuur aan die Technikon SA, wat later met die Universiteit van Suid-Afrika saamgesmelt het, geword. Dit was juis in hierdie tyd dat hulle die gereformeerde kerk waarin hulle grootgeword het, verlaat en ŉ reis op soek na Bybelse waarheid deur die Pinkster- en Charismatiese omgewings onderneem het.

Martie het intussen studies in Bybelgefundeerde berading aangepak en Gerrie het gou hierin by haar aangesluit. Terwyl sy op die area van emosionele genesing gefokus het, het Gerrie op geestelike oorlogvoering gekonsentreer. Hy het daarna met verdere studies voortgegaan totdat hy


ŉ doktorsgraad in Sistematiese Teologie aan die Brittanjegebaseerde Calvary Universiteit voltooi het. Vir sy tesis het hy ŉ studie van Christus se 'weer gebore' konsep en Paulus se 'in Christus' konsep onderneem. Op hul reis het hulle wonderlike ervarings gehad en kosbare mense leer ken, kerkleiers sowel as gewone lidmate. Maar soos wat hulle die Skrif bestudeer het, het daar by hulle al hoe meer vrae oor bepaalde tradisionele kerkdoktrine ontstaan.

ŉ Huisgroepie van vyf in April 2001 het spoedig gegroei tot ŉ weeklikse byeenkoms van sowat 50 mense. Die groepie het spoedig tot ŉ formele gemeente gegroei (Hosea Christen Familiekerk), maar later by ŉ ander een ingeskakel waar Gerrie en Martie leierskap van die Bybelkollege opgeneem het. Vandag is hulle nie aan enige denominasie gekoppel nie en fokus op die soeke na Bybelse waarheid op die vele vrae wat hulle ontwikkel het op hul reis deur die Gereformeerde, Pinkster- en Charismatiese tradisies. Anders as soveel ander wat in soortgelyke prosesse hul rug op die Bybel gekeer het, voel hulle dat hulle ŉ veel groter begrip ontwikkel het van die eenvoudige Bybelse waarhede wanneer dit gestroop word van eeue se verfilosofering en besoedeling wat die mensdom beroof het van die koninkrykslewe wat in God se hart vir hulle was en is.

Hierdie boek is deel van die resultaat van hul soeke om die waarheid van verdigsel te onderskei te midde van onder andere al die eindtydaangeleenthede waarmee Christene vandag gekonfronteer word.

U kan deur middel van hul webwerf met hulle in verbinding tree: www.hoseaconnection.org.


# ANDER BOEKE DEUR DIE SKRYWERS




## THE LAMP OF THE LORD

(Biblical Perspective Of The Human Soul)
Gerrie Malan

Die Bybel gee nie ŉ eenvoudige definisie van die begrippe siel en gees nie. Dit is egter begrippe wat algemeen gebruik word in prediking, boeke, artikels en seminare. In hierdie boek gee die skrywer ŉ ontleding van die Bybelse gebruik van die terme om sodoende akkurate Skrifverstaan te fasiliteer. Hy het sy studie sonder enige voorafbepaalde eindresultaat aangepak en gee dus in daardie benadering sy bevindings weer. As u geleer het dat die mens ŉ gees is, ŉ siel het en in ŉ liggaam woon, iets wat die grondslag vir soveel gewilde en hoogaangeskrewe seminare oor geestelike bevryding en emosionele genesing vorm, kan hierdie boek se belangrikheid vir u nie genoeg onderstreep word nie.




## DANIEL WITHOUT MAKE-UP OR LONG TOES

(The Prophecies Of Daniel Revisited)
Gerrie en Martie Malan


Die elektroniese media het die onderwerp van eindtydprofesie in veel groter mate onder mense se aandag gebring as wat ŉ paar dekades gelede gedink is moontlik sou wees, en die meeste hiervan is in mindere of meerdere mate in die Bybelboek van Daniel gewortel. Al sou u uiteindelik besluit dat u van die skrywers verskil, sal u hierdie soeke na die eenvoudige waarheid in die boek van Daniel stimulerend vind. Hulle het deurentyd in hul studie gepoog om hul begrip van die Danielboodskap te stroop van die besoedeling deur allerlei filosofie deur die eeue (die "make-up") en om spesifiek ook kunsmatige invoegings (die lang tone van die sogenaamde kerktydperk) te identifiseer. Deurentyd is die Danielprofesieë teen aangetekende geskiedenis opgeweeg. In die proses word belangrike verdraaiings in moderne eindtyddoktrine aan die kaak gestel.



## SNY DIE WOORD REGUIT

Gerrie en Martie Malan


Met hierdie gratis e-boek het die skrywers daarna gestreef om 'n boek vir die nie-akademiese leser daar te stel ten einde 'n ware en akkurate verstaan van die Skrifte te fasiliteer. Hulle bespreek 'n aantal basiese, dog belangrike beginsels om in ag te neem as mens die Bybel lees en vestig die aandag op die talle verdraaiings waartoe paganistiese filosofiese praktyke gelei het, asook foute wat voortspruit uit subjektiwiteit in Bybelvertalings. 'n Paar belangrike terme en uitdrukkings word in die laaste hoofstuk bespreek om te illustreer waarom dit so belangrik is om die woord van die waarheid reg te sny. Dit is 'n kort boek wat nie die nie-akademiese leser sal oorweldig nie, maar wat terselfdertyd ook heelwat stof tot nadenke vir die akademiese leser sal gee.




## RIGHTLY DIVIDE THE WORD

Gerrie & Martie Malan

Dit is die Engelse weergawe van Sny Die Woord Reguit. Soos die Afrikaanse weergawe word dit as 'n gratis e-boek aangebied.




**THE END-TIMES PROPHECY OF JESUS**

(The Olivet Discourse Revisted)
Gerrie & Martie Malan

Hierdie boek is die Engelse weergawe van Die Eindtydprofesie Van Jesus.

Die skrywers se webwerf: **www.hoseaconnection.org**

U kan ook hul outeursbwebblaaie besoek by
**https://www.smashwords.com/profile/view/hoseacon** en
**https://www.amazon.com/author/gerriemalan**